

NEWS

RAG report raises interesting questions

4

SR-EVALUERING



Hoe het die studenteraad gevaar?

6, 7

AKTUELE SAKE

'n Nuwe blik op die Bliksems

8

DAG & NAG

Ons vampier-fassinatie ondersoek

12

KWYTRAAK

Bun Booyens: Ons praat saam

15



## HOPE project gets R500m in 3 years SU launches ambitious project

ANTHEA HARTZENBERG

Stellenbosch University (SU) has launched a new multimillion rand project aimed at making sustainable contributions to the national and international development agenda.

The HOPE project consists of various initiatives designed to address the challenges of the African continent.

The university hosted the Cape Town launch for VIP individuals and stakeholders at the Endler Hall on 21 July.

SU hoped to garner wider support for the project at the Cape Town and Johannesburg launches of the project.

The university hopes to raise a total of R1,75 billion rand by 2015 in support of the HOPE project, which makes it the most ambitious fundraising campaign by an African university.

According to prof Russel Botman, rector and vice-chancellor: SU, the HOPE project is "a long-term strategic plan" developed over the past three years.

"Our source of inspiration for [the project] was the United Nations Millennium Development Goals. In the end we distilled five themes from them to guide our core activities of teaching and learning, research and community interaction," Botman said.

According to Botman, SU has raised close to R500 million during the three years of planning and development, of which R320 million came from the university. The rest came from "4 500 donors who have supported the university" since Botman took over the reins in 2007.

SU also received a donation of R192 million from the Minister of Higher Education and Training, which the university plans on using in the "upgrading and extension of existing facilities and buildings".

As part of the project, the university plans on erecting a leadership institute in the name of former chancellor dr Frederick van Zyl Slabbert, which will focus on the development

of youth and student leaders. The HOPE project will focus on five areas including the eradication of poverty and related conditions, the promotion of human dignity and health, the promotion of democracy and human rights and the promotion of peace and security. The project will also focus on the promotion of a sustainable environment and a competitive industry.

The university also seeks to maintain its position as an institution of excellence with "recruitment of the best calibre students, researchers and lecturers and improving its diversity profile" among its aims. SU will be funding various projects in support of these objectives.

At present there are over 20 such initiatives that have been developed by "leaders, academics, researchers and students" from the various faculties.

"By following a science-for-society approach, [the HOPE project is] bringing about tangible change within communities," Botman added.

One such project is the Desmond Tutu Mediation Project for Schools.

This initiative is run by the Africa Centre for Dispute Settlement (ACDS), a division of the SU Business School (USB). The project focuses on conflict resolution and breaking the cycle of social violence fermented within the Delft community on the Cape Flats.

Under the leadership of mr Francois Botha, a former magistrate who acts as project leader, learners, parents and teachers are trained as mediators in order to resolve conflict peacefully.

The Ukwanda Rural Clinical School, another initiative under the HOPE banner, focuses on clinical training of students at rural hospitals and healthcare facilities. The university hopes to motivate health professional students ultimately to settle and practise in rural areas.

During the launch, SU shared a live video link with dr Shirley Ann Jackson, president of the Rensselaer Polytechnic Institute in America. The link was in support of Jackson's exchange project "Virtual Bridge to Africa" which hopes to link Stellenbosch with Rensselaer.

HOPE IS HERE Thandi Mrali from the Libertas Choir enchants the audience at the Cape Town launch of the Stellenbosch University HOPE project. The launch took place on Wednesday 21 July 2010, at the Endler Hall in Stellenbosch. A second launch took place in Johannesburg on 26 July 2010.

Photo: JOHANN SWART

**RESOLUTION health** Medical Scheme

Hoekom moet jy Resolution Health Mediese Skema kies?

- Ons lewer bekostigbare dekking
- Resolution verskaf gehaltesorg en streef daarna om voortdurend uitsonderlike diens te lewer
- Ons stel ons lede se behoeftes altyd eerste

086 111 RESO/7376 • www.resomed.co.za

RESOLUTION health care solutions

**Stellenbosch Institute of Photography & Multimedia**

- Voltydse kursus of deeltydse-oggende**
  - Fotografie
  - Grafiese ontwerp
  - Video-produksie of TV-aanbieding
  - Grimering vir TV & fotografie
- Fleksiekursus**
  - Kombineer al die bogenemde
  - Maksimum-ervaring
- Een-tot-een-kursus**
  - Fotografie in een week vs. 6 maande
  - 1 tot 5 studente
  - Ons reis na enige stad
- Vakansiekursus vir skoliere**
  - Fotografie/video
  - 14-16 Desember en doen landskap, makro of onderwater fotografie
- Aandkursusse**
  - Digitale Fotografie
  - Advanced Photoshop
  - Videoredigering
- Afstandonderrigkorsusse**
  - Fotografie
  - Modelwerk
- Werkwinkels**
  - Huweliks-fotografie
  - Landskapfotografie
  - Studiobeligting
  - Makrofotografie
  - Glans en Mode
  - Onderwaterfotografie

photographic models wanted

**SIPS** 15de jaar

Drostdysentrum, Birdstraat, Stellenbosch. Tel. 021 887 4485 Sel. 082 440 9199  
E-pos: bestsips@iafrica.com http://www.sips.co.za of facebook/charl best

US, politieke figure betreur oud-kanselier se sterfte

# Van Zyl Slabbert vereer

ZIEGBERT CARSTENS

Oud-kanselier van die Universiteit Stellenbosch (US), dr Frederik van Zyl Slabbert, het op Vrydagoggend, 14 Mei 2010 op 70-jarige ouderdom by sy huis in Parkview in Johannesburg aan 'n lewerkwaal gesterf.

Van Zyl Slabbert het verlede jaar weens gesondheidsredes as kanselier uitgetree. Volgens 'n goeie vriend van van Zyl Slabbert, dr Alex Boraine, het van Zyl Slabbert die laaste maande van sy lewe baie verswak en het hy stadigaan sy "greep op die werklikheid verloor". Prof Russel Botman, rektor en visekanselier: US, het van Zyl Slabbert tydens 'n spesiale gedenkdiens in die Endlersaal as 'n "dienende leier in 'n diep Bybelse sin" beskryf.

"'n Leier van [aansien] het ons verlaat. Die US salueer hom en belowe om die nalatenskap van sy leierskap in stand te hou en te bevorder. Ons [gedagtes] is by sy familie en oud-maties wat baie na aan hom was," het Botman gesê.

Verskeie politieke figure het ook van Zyl Slabbert se sterfte betreur. Onder andere pres Jacob Zuma, mee Helen Zille en Patricia de Lille en oudpres FW de Klerk het hulde aan hierdie politieke reus gebring.

"Hy sal onthou word as 'n beginselvaste en patriotiese Suid-Afrikaner wat sy land met ywer gedien het," het Zuma in 'n persverklaring gesê.

De Lille het gesê dat sy 'n gewaardeerde vriend verloor het. "Ek het veral waardering daarvoor gehad dat hy bereid was om sy politieke advies



**DIENENDE LEIER** Prof Russel Botman, rektor en visekanselier: US, spreek aanwesiges by 'n gedenkdiens ter ere van oud-kanselier dr Frederik van Zyl Slabbert aan. Dit is op 24 Mei in die Endlersaal gehou. Foto: JOHANN SWART

en ervaring met my te deel." Van Zyl Slabbert was vanaf 1979 tot 1986 leier van die amptelike opposisie, naamlik die Progressiewe Federale Party (PFP). Nadat hy uit die PFP bedank het, het hy as politieke kommentator

die Instituut vir Demokrasie in Suid-Afrika (Idasa) gestig. Die US beplan om die Frederick van Zyl Slabbert-Instituut vir Leierskapsontwikkeling tot stand te bring om só aan Van Zyl Slabbert hulde te bring.

## USBD NUUS

### USBD behaal sukses teen misdaad

PRISCILLA BOOYSEN

DIE RISIKO- en Beskermingsdienste (USBD) het oor die afgelope vakansie groot suksesse behaal met die bekamping van misdaad en die aankeer van verdagtes.

Insidente het meesal aan die grense van die Stellenbosch-kampus plaasgevind. In een van die insidente het vier verdagtes, drie mans en 'n vrou, by 'n voertuig in Crozierstraat probeer inbreek.

'n USBD-beampte, mnr Gert Swartz, wat met sy patrollie besig was, het hulle gesien en die USBD-kantoor vir bystand gekontak waarna die verdagtes by die Kruiskerk in Victoriastraat aangekeer is en aan die SAPD oorhandig is. In 'n ander

insident is 'n verdagte manspersoon in Joubertstraat aangekeer toe hy met vermoedelik gesteelde eiendom in sy besit gevind is.

Die 19-jarige verdagte het 'n Playstation, verskeie kledingstukke, 'n strykyster en twee sakke in sy besit gehad. 'n Student se gimnasiumklubkaart is in een van die sakke gevind.

Die student kon egter nie telefonies opgespoor word nie, en die adres waar die inbraak plaasgevind het kon dus nie bevestig word nie. Die verdagte is vir aanhouding aan die SAPD oorhandig.

USBD-beamptes het ook SAPD-lede gehelp met die opspoor en arrestasie van twee verdagtes wat eers by woonstelle in Van Riebeeckweg ingebreek het, toe na Rattraystraat

gegaan het en daar probeer het om by 'n voertuig in te breek en daarna die inwonende hoof van Huis Neethling se fiets gesteel het.

Die versteekte fiets is teruggevind en aan die hoof oorhandig en die verdagtes is in hegtenis geneem.

Met al die studente en aktiwiteite terug op kampus vir die volgende semester, word 'n toename in aanmeldings van insidente wat moontlik oor die vakansie gebeur het, verwag.

Die USBD versoek dat insidente by die USBD-kantoor aangemeld word.

"Oplettenheid, waaksaamheid en die tydigse rapportering van insidente by die USBD is van deurslaggewende belang in ons vennootskap met studente om 'n veilige kampusomgewing te handhaaf", sê mnr Viljoen van der Walt, hoof: USBD.

## NEWSINBRIEF | NUUSINKORT

### SU shines at choir games

THE STELLENBOSCH University (SU) choir recently won the championship in two categories at the World Choir Games.

The games, which started on 15 July and ran until 26 July, were held in Shaoxing, China.

Choir master André van der Merwe led the group to win first prize in mixed choirs as well as contemporary music.

Within both categories, the choir competed against a total of 40 other choir groups.

The SU choir received the highest overall mark of 95,8%. More than 450 choirs from 83 countries took part in the competition.

Last year, the SU choir also received first prize at the Graz choir games. – Livhu Ramugondo

### TWOWS vereer laserfisikus

DR CHRISTINE Steenkamp, 'n laserfisikus van die Universiteit Stellenbosch (US), is een van net 12 vrouwetenskaplikes wat onlangs deur die Third World Organisation for Women in Science (TWOWS) vir hul uitnemende navorsing vereer is.

Die 12 vrouwetenskaplikes is van Afrika, die Midde-Ooste, Asië, Latyns-Amerika en die Karibiese Eilande.

Steenkamp het vanjaar se TWOWS-prys vir jong vroue-

wetenskaplikes in die kategorie Fisika/Wiskunde vir die Afrikastreek ontvang ter erkenning van haar werk, en vernameklik dit oor vakuultraviolet-laserspektroskopie.

Die pryse is op 27 Junie by dié organisasie se 4de algemene vergadering en Internasionale Konferensie in Beijing, China, oorhandig.

Elke wenner het 'n kontantprys van 5 000 Amerikaanse dollar ontvang. – Nuusredaksie

### Student ontvang medalje

UNIVERSITEIT Stellenbosch (US)-Rekenaarwetenskapstudent Niel de Wet is die eerste ontvanger van die nuutgestelde Van der Walt-medalje.

Dié medalje vereer die beste voorgaande student in Rekenaarwetenskap.

De Wet het ook R5 000 se prysgeld ontvang.

Gideon Redelinghuys het die IBM-prys, ter waarde van R5 000, vir die beste BSc (Hons)-projek in

2009 gewen.

Morné Chamberlain, wat verlede jaar sy MSc-graad in Rekenaarwetenskap verwerf het, het 'n US-medalje ontvang as die beste meestersgraadstudent in die Fakulteit Natuurwetenskappe in 2009.

Die Van der Walt-medalje is ingestel ter nagedagtenis aan prof Andries van der Walt, 'n dosent in Rekenaarwetenskap wat in 2008 oorlede is. – Nuusredaksie

### Director receives top honour

MS ELLEN Tise, senior director: JS Gericke Library and Information Services, was recently honoured by the Association of College and Research Libraries (ACRL).

Tise received an international award which recognises her leadership and contributions to the International Federation of Library Associations and Institutions (IFLA) and international libra-

rianship. The honour was awarded by the International Relations Committee of ACRL during the annual conference of the American Library Association (ALA).

The conference took place in Washington D.C., USA.

Tise was appointed president of IFLA in August 2009 and is the first South African to hold the post. – News Desk

### Errata

IN THE previous edition of *Die Matie* (28/04) in the photo story entitled "Laduma" on page 20, player Jovald Henriksen's name was incorrectly printed.

In the same photo story, Johann Swart was incorrectly credited with having taken the photo.

The photo was actually taken by André Olivier.

## Rector's Award for Excellent Achievements

Submit your application in the following categories:

- Community Interaction
- Culture
- Leadership
- Service Delivery
- Succeeding Against The Odds

Applications open 28 July & close 20 August 2010

Application forms can be downloaded from <http://sr.sun.ac.za>. Completed forms must be handed in at the SRC office in hardcopy as well as electronically to [sr@sun.ac.za](mailto:sr@sun.ac.za)



CAPE BUDGET ACCOMMODATION  
RIVERVIEW LODGE

SPECIALISTS IN SPORTS TOURS & LARGE GROUPS

5 star budget accommodation  
140/night-breakfast incl.

RIVERVIEW LODGE (CAPE TOWN)

Ideal for large/small groups

Conveniently close to UCT and all that Cape Town offers

Holiday accommodation

Tel (021) 447 9056  
Fax (021) 447 5192  
email [info@riverview.co.za](mailto:info@riverview.co.za)  
[www.riverview.co.za](http://www.riverview.co.za)

## Bergzicht Plaza Laundry

Drop & Collect  
5 Days a Week

Reliable Lucille,  
will be at to your service

## Bergzicht Plaza Wassery

Voorafbetaalde wasgerief beskikbaar

Betroubare Lucille,  
sal tot u diens wees

Vir navrae, skakel:  
Honal 082 258 0568

## Beauty & Body Care

Student Discount

- Waxing
- Lash & Brow Tinting
- Facials
- Manicure & Pedicures
- Massages
- Gift Vouchers
- Environ, Nimue & Guinot

021 883-9508

Madelein Human

5 Drosty Street  
Stellenbosch

(Opposite Moederkerk)

# Student dies in holidays

NEWS DESK

A STELLENBOSCH University (SU) student lost his life during the recent university holidays. Hendrik Marx died in the early hours of 15 July 2010.

Marx was a second year Management Accounting student. He was a resident of Huis Visser.

It is thought that Marx's car hit a lamp post in Uhland Street in Windhoek, Namibia, after he lost control of the motor vehicle. Marx was alone in the vehicle at the time and no other vehicles were involved in the accident.

Marx, who was originally from Namibia, was laid to rest in Windhoek East on 19 July.

A memorial service for friends and fellow students was held at the Kruiskerk in Stellenbosch on 22 July.

According to Albert van Niekerk, prim: Huis Visser, Marx was a promising sportsman.

"Hendrik was the star rugby and cricket player of our residence. [In] everything he did, he gave his all," Van Niekerk said.

Marx was also actively involved in Namibian national sports, acting as captain of the national under-19 cricket team in 2009.

Van Niekerk added that "Hannie will live on in [their] memories".

**STUDENT IN ACCIDENT** Stellenbosch University student Johan Stewart was hit by a vehicle in Merriman Street on 21 July 2010. According to witnesses, Stewart was crossing the road from the corner opposite the Arts Building when the vehicle made a sharp and sudden turn into Merriman Street and collided with Stewart. The driver remained on the scene and was later questioned by the SAPS. Stewart was taken to the Stellenbosch Medi-Clinic. He is currently stable and in good condition.

Photo: JOHANN SWART



## Vroue-Forum vra regstelling van huidige situasie

# Aanstelling ontlok reaksie

ZIEGBERT CARSTENS

Die aanstelling van 'n manlike inwonende hoof by Lydia-Vrouekoshuis en die ge-vaardgaande besluit om nie die vorige vroulike hoof se kontrak te verleng nie, het heftige reaksie ontlok.

Die Universiteit Stellenbosch (US) het aan die einde van Junie aangekondig dat dit nie die inwonende hoof van Lydia, me Lydia Willems, se kontrak gaan verleng nie. 'n Manlike hoof, mnr Darryn Havenga, is in haar pos aangestel. Verskeie media het berig dat daar 'n twis tussen Willems en die prim van Lydia, Maretha Botes, ontstaan het. Daar is beweer dat die inwoners van Lydia 'n versoekskrif opgestel het om Willems te laat aanbly, maar dat Botes dit onwettig verklaar en gevolglik vernietig het.

'n Persoon in die binnekringe van Lydia, wat graag anoniem wou bly, het in 'n e-pos aan *Die Mattie* bevestig dat Botes verskeie kere by mnr Pieter Kloppers, direkteur: Studentegemeenskappe, oor Willems

gekla het. Botes het alle beweringe van geskille ten sterkste ontken. In 'n verrassende stap het die prominente US-akademiese en voorsitter van die Departement Politieke Wetenskap, prof Amanda Gouws, tot die gesprek toegetree en gesê dat sy voel dat hierdie geval "een van geslagsdiskriminasie is".

"As iemand wat my beywer vir geslagsgelykheid aan die US dink ek dat die geval van Willems een van geslagsdiskriminasie is.

"Huismoeders (en huisvaders) is meer as net blote *figureheads*; hulle hanteer baie persoonlike probleme van studente en vroulike studente moet die vrymoedigheid hê om met hul probleme na iemand te gaan waar hulle dit in 'n *safe space* kan bespreek. 'n Huisvader kan nie hierdie rol [in 'n vrouekoshuis] vervul nie," het Gouws gesê. Kloppers het vroeër in hierdie kwartaal saam met Havenga die inwoners van Lydia toegesprek. Kloppers het die huis verseker dat die korrekte prosedures gevolg is in die aanstelling van die onderhoudspaneel. Volgens Gouws het Willems

"beswaar aangeteken teen die konflik van belange op die onderhoudspaneel, maar daar is geen gehoor daaraan gegee nie".

"Voorts was daar geen opgaaf van redes hoekom haar kontrak nie hernu is nie, alhoewel sy daarvoor gevra het. Volgens arbeidsreg kan sy aandrang op redes," het Gouws bygevoeg. Die Vroue-Forum, waarvan Gouws 'n deel van die bestuur is, beplan nou om aan te dring "dat dié situasie reggestel word". Me Susan van der Merwe, hoof: Bemaking en Publikasies, het by navraag gesê die "universiteit kan uiteraard nie kommentaar lewer oor die beweerde 'geskille' tussen die prim en inwonende hoof nie.

"Mnr Kloppers was [egter] oor die afgelope vier jaar bewus van elke dispuut tussen Lydia se inwonende hoof en die studente-leiers van daardie betrokke jaar." Havenga het met ons ter perse gaan sy intrek in Huis Lydia geneem en het verkies om nie onderhoude aan die media toe te staan nie. Kloppers het, ná herhaalde navrae, nog nie teen druktyd kommentaar gelewer nie.

## Brand by Metanoia

NUUSREDAKSIE

'N BRAND wat vroeg Vrydagaand in die kombuis van Metanoia-Koshuis ontstaan het, is vinnig onder beheer gebring.

Volgens Martin Viljoen, senior mediaskakelpraktisyn: Universiteit Stellenbosch, is niemand tydens die voorval beseer nie.

Die brand het geringe skade aan die kombuis aangerig, maar voedselvoorbereiding het Saterdagoggend normaal in die koshuis voortgegaan.

"Die brand het ontstaan as gevolg van 'n fout by 'n diepvetbraaier en nie as gevolg van foutiewe optrede nie,"

het Viljoen gesê.

Viljoen het bygevoeg dat personeel van Fedics, die maatskappy wat vir voedselvoorsiening in die koshuis verantwoordelik is, die korrekte brandbestrydingsprosedure gevolg het.

Die brandweer was ook op die toneel om seker te maak dat die brand volledig geblus is.





As voorsorgmaatregel is die koshuis volgens die normale protokol ontruim, maar inwoners kon reeds na hul kamers terugkeer nadat die nodige inspeksiewerk in die koshuis afgehandel is.

"Die kombuis is goed toegerus wat betref die nodige brandbestrydings-apparate," het Viljoen gesê.

BY: LUCKY DIPHAHA AND ADEL STEYN

## WHAT DO YOU THINK?

WHAT DO YOU THINK OF A MALE HEAD AT A FEMALE RESIDENCE?

	<b>AMILIE LYAMBO</b> BA (Environmental Studies)		<b>KYLE MOYES</b> BComm (Management Science & Investment)
"It's going to be uncomfortable for girls to approach him."		"I don't see why there has to be anything wrong with it."	
	<b>NATHAN PIENAAR</b> BComm (Management Science)		<b>SIAN RESE-VEARE</b> BAcc (Honours)
"Well, maybe there is nothing wrong. He would treat the ladies better than a female and they would be safer."		"I don't think it really matters, as long as he has the credentials for the job."	

**Foto Studio Lockley**  
SINCE 1873

SOEK U 'N FOTOGRAAF? KYK DAN NIE VERDER NIE

- Koshuisfoto's
- Ook digitale foto's en op CD gebrand
- Grade Foto's
- Portrette
- Paspoort en & ID foto's terwyl u wag.

Pleinstraat 21, Stellenbosch  
Tel. 021 883 3131 - Faks 021 886 6378  
Skuins oorkant Hoofposkantoor en Langs Europa Koffieshop.

**COR LANGENBERG**

**30% afslag op**

**en**

**Levi's**

**DIESEL**  
FOR SUCCESSFUL LIVING

**sonbrille**



**LAMBERT FICK GENOTE OOGKUNDIGES**  
☎ (021) 887-4603

20 Plain Street, Stellenbosch  
DYNAMIC VISION

Repositioning of RAG investigated by leadership

## Report on RAG concluded

### SPECIAL REPORT

The Student Representative Council (SRC) and the Prim Committee recently concluded a report on the Remember and Give (RAG) organisation.

The task team, headed by Jan Greyling, member of the Executive Committee of the SRC and prim committee chairman, included members of the SRC and of the prim committee.

According to the report, the current goals of RAG are being overshadowed by the competitive nature of the organisation. The report also found that the current autonomous and "autocratic RAG committee" fails in maintaining a partnership with residences and university structures.

The report is based on a survey conducted among residences and Private Student Organisations (PSOs), evaluations of the situation at the satellite campuses and a "critical evaluation of the community interaction and financial aspects" of RAG. Since its completion, the report has been handed over to dr Llewellyn MacMaster, dean of Students: Stellenbosch University, amongst others.

A series of meetings, entitled the RAG Stakeholder Dialogue, was subsequently started with all the relevant role-players including RAG, the prim committee, the SRC and Maties Community Service (MCS).

The dialogue, consisting of a series of meetings and plenary sessions, was tasked to rethink and strategise on issues pertaining to RAG and was facilitated by ms Wynoma Michaels,

an external consultant. The sessions concluded with a number of recommendations including, among others, monitors to monitor RAG activities, having the RAG committee represented on the Welcoming Committee and expanding the target community. These recommendations were included in a report submitted to MacMaster.

### Survey

The prim committee conducted a survey which was distributed to all residences and Private Student Organisations (PSOs).

Feedback was received from 129 students, of which 27% were first-year students.

The survey found that first year students felt that the main focus during RAG is socialising.

When questioned about the main aim of residences or PSOs during RAG week, "the least pronounced aim was that of fundraising for MCS".

73% of respondents felt that RAG has become more competitive and some residences are seen as more competitive than others. The survey found that the raised level of competitiveness among residences and PSOs resulted in "the deflection of the true meaning of RAG".

53% of respondents believe that RAG is achieving its main purpose, while 34% felt that RAG is not achieving its main purpose.

13% of respondents were undecided about whether RAG is achieving its purpose. Some respondents felt that certain events need to be changed or that the expenditure by residences be capped.

### Community interaction during RAG

This aspect of the report was completed under the management of Cara Meintjies, SRC member: Community Interaction.

It found that not all first year students are involved in the community projects and that only a minority of senior students are involved.

Furthermore it is claimed that the long-term effects of the projects are lost as the projects provide relief instead of a "sustainable empowerment or infrastructure".

The report also states that some of the projects do not address the immediate needs of the community and that due to the annual changing of RAG partners, there is no consistency in projects.

### RAG Finances

The report consulted financial statements for 2008 and 2009 as 2010 was not yet available and calls for more transparency when it comes to the finances of the RAG office. The report claims that justification for a large amount of RAG office expenses, which amounted to approximately R800 000 over the two years, is not transparent enough.

In addition, the report calls for a fixed honorarium for the RAG manager and chair, the latter of which currently receives 1% of total funds raised. The report states that according to the financial statements, MCS received "just over R1,1 million" in 2008 and not R1,4 million, as has been widely reported and marketed.



**HUL KANDIDAAT** Die Adam Tas-Studentevereniging het op 26 Julie die bekendstellingsfunksie van Moletsane Mophethe, die vereniging se 2010 Studente Raad (SR)-kandidaat, gehou. Die Adam Tas-manifes is ook by hierdie geleentheid bekendgemaak. Verdere klem is ook op 'n petisie deur die vereniging geplaas wat 'n versoek aan die SR en die raad van die Universiteit Stellenbosch rig na die eksperimentele implementering van tolkdienste in 2011.

Foto: JOHANN SWART

## isiXhosa News Update | Isishwankathelo sendaba

### Iqela lomculo laseStellenbosch liphumelele ukuba zintshantsheli zehlabathi

Kutsha nje ikwayala yaseYunivesiti iStellenbosch ifumene iwonga lokuba zintshantsheli kumananqanaba amabini kwimidiyoloji yomculo weHlabathi.

Le midiyoloji ethe yaqala ngomhla 15 July ukuya 26 July, ububanjelwe eShaoxing eChina. Umbhexeshi, u André van der Merwe uthe wakhokela eli qela ukuba liphumelele phambili kwikwayala ezahlukeneyo nasemculweni wala maxesha.

Kula manqanaba omabini, eli qela lithe lakhuphisana namanye amaqela omculo angaphezulu kwama-40. Eli qela lithe laphumelela ngomyinge olinganiselwa kuma-95.8%. Ngaphezulu kwama-450 ekwayala ebeziphuma kumazwe angama-83 athe athabatha inxaxheba kolu

khuphiswano.

### Kuthe kwaqulunqwa iprojeti yeThemba

Iyunivesiti yaseStellenbosch ithe yaqulunqa iprojeti entsha equlathe irandi zemiliyoni ezahlukeneyo, injongo yayo kukunikezela ngenkxaso eyayo kwinkqubo yalapha neyangaphandle.

Le projekti yeThemba iqulathe imbono ezahlukeneyo ezakhelwe ukwazisa ingxaki zeli lizwe jikelele. Iyunivesiti le ithe yabamba itheko losaziwayo baseNtshona Kapa kunye nabaxumi ukwenzela ukuba badibane bebonisa inkxaso mayela nale projekti ngomhla 21 July kwihlobo i-Endler.

Le yunivesiti inethemba lokwenza imali engange R1,75 yebillyoni ngonyaka ka 2015, eyona njongo iphamili yokwenza imali isenziwa yiyunivesiti yase-Afrika, ekuxhaseni iprojeti yeThemba.

Ngokutsho kukaRekitha kunye neSekela -Ngqonyela uNjingalwazi Russel Botman, le projekti yeThemba"licebo lexesha elide elithe laphuhliswa kule minyaka mithathu idlulileyo. Okwethu ukukhuthazeka (mayela nale projekti yeThemba) yilo miqweni yenkulungwane yokuVuseleka kweZizwe eziManyeneyo.

Ekupheleni sinemixholo emihlanu esifuna ukuba isikhokele ekufundeni kunye nasekufundisweni, uphando kunye nokusebenzisana nomphakathi," utshilo uBotman. Iyunivesiti yaseStellenbosch sele yenze imali engange R500 miliyoni kule minyaka mithathu yokucebisa kunye nophuhliso, ukutsho engama R320 miliyoni iphuma eyunivesiti.

\* Translation by: Ms Mntuyedwa Vuyokazi (Vuyo), Post-Graduate Diploma in Translation, Stellenbosch University. Contact: 021 808 4987, 073 643 4836. vjm@sun.ac.za.

## Drukstelsel opgegradeer

SUZANNE GLATTHAAR

'N NUWE drukkersbestuurstelsel is onlangs in die Universiteit Stellenbosch (US) se Rekenaargebruikersareas (RGA's) ingestel.

Die stelsel behels die opgradering van drukkers sowel as die instelling van 'n multifunksionele stelsel wat studente toelaat om op albei kante van bladsye te druk en om op hul eie tyd drukwerk te doen.

Alhoewel die drukkers outomaties aan twee kante druk, het studente nog steeds die opsie om net aan een kant te druk.

Volgens mnr Thurlo Muller, tegniese beampte: FHARGA, het die stelsel se opgradering vele voordele tot gevolg.

"Daar bestaan al 'n geruime tyd die behoefte om die multifunksionaliteit van die drukwerk- en kopiëerdienste van die US se RGA's te ontwikkel," het Muller gesê. Safecom dien as die

nuwe bestuurstelsel.

Die nuwe stelsel word deur heffings op drukwerk gefinansier.

Drukkostes is ook as gevolg van 'n besparing in instandhouding vanaf 35c na 25c verlaag. Dit sal hopelik die vermindering van algehele totale kostes tot gevolg hê.

"'n Groot hoeveelheid drukwerk is met die ou stelsel verloor en baie papier [is] met die direk-drukstelsel vermors," het Muller bygevoeg.

Met die nuwe sisteem kan studente al hul drukwerk eenmalig druk en ontvang deur hul kaart by enige masjien te vee. Die nuwe sisteem gaan ook help om diefstal te beperk, en hopelik te voorkom, deurdat studente hul drukwerk kan optel wanneer hulle gereed is om die RGA te verlaat.

Alhoewel studente die nuwe sisteem prys, is daar klagtes oor die hoogte van die nuwe masjiene.

Verder word daar ook gekla oor die plek van die sensor, wat agter bo-op die masjiene geleë is.

## CHIEF EDITORIAL TEAM ELECTION 2010/2011

Date: 4 August

Nomination forms available at [www.sun.ac.za/diematie](http://www.sun.ac.za/diematie).

Nominations close Friday 30 July at 17:00.

Candidates may, however, choose to run at the time of the election, but their information will naturally not be made available to voters prior to the election.

(Elected) posts available:

Editor-in-Chief  
Deputy Editor (Operations)  
Deputy Editor (Content)  
Deputy Editor (Graphics)  
News Editor  
Current Affairs Editor  
Dag & Nag Editor  
Student Life Editor  
Sport Editor  
Photo Editor  
Supplement Editor

(Appointed) posts available:

Text Editor  
Ad Manager  
IT Manager  
  
Applications close Friday 6 August.

(Appointed) posts outside the Chief Editorial Team:

4 Columnists  
Kwytraak Writer

Applications close Friday 6 August.

If you need more information, send an email to [diematie@diematie.sun.ac.za](mailto:diematie@diematie.sun.ac.za)

# INTERKAMPUS

## INTERCAMPUS *deur Anika Marais*

### More students in Greece despite financial crisis

AN ESTIMATED 14 000 additional students will enroll in higher education in Greece this year. According to University World News, this is due to the government's decision to abolish the base grade of 10 as a requirement for entry.

Prestigious schools, for example the Pedagogical Schools in Athens and

Thessaloniki, will still uphold higher requirements in order to attract strong academic students.

It is suspected that students with lower grades will apply to schools in provincial areas.

The current financial crisis in Greece may result in students' applying to schools closer to home.

### FitFinder shut down due to influence on students

FITFINDER, a social site, was launched by students from the University College of London (UCL) this year.

Rich Martell, a final-year student at UCL, launched this site in April. The site allows students to post comments about "fitties" or attractive students around them.

2 000 students were following FitFinder within 24 hours.

After attracting more than five million users from 50 universities in

six weeks, UCL shut down the site.

According to University World News, it was decided to shut down the site because it had become a "stalker-paradise".

Students felt increasingly self-conscious and exposed. The university also believed the site was distracting students from important examinations.

UCL has been criticised for not nurturing and supporting these student entrepreneurs.

### Google finances project to evaluate online library

GOOGLE Inc. is giving researchers half a million dollars to test the academic value of Google's online library.

Google's online library has grown rapidly in the past year. The money will finance twelve projects.

These projects will include sifting through thousands of books.

This will hopefully validate Google's belief that electronic copies

of books will help "enlighten the world". Google set out in 2004 to make electronic copies of all the books in the world.

Associated Press added that these ambitions quickly became entangled in legal battles over copyright.

Google has made copies of 12 million books so far. These books are not yet available to the public due to copyright problems.



**PHOTO COMPETITION WINNER** *Die Matie* and SU Division; Research Development launched a photo competition in April this year. Students were invited to take photos of their respected faculties. The goal was to portray the university in a fresh, new light. Preference was given to photos that focused on research projects in certain faculties. The evaluation panel rewarded Ashley Rich, BTh, the first prize of R2 000. Nina Kirsten, BA Value and Policy, and Dayne Nel, BDram, received the second and third prizes of R1 500 and R1 000 respectively. Rich described her photo as follows: "God has made us stewards both of our bodies and our environment. We are endangered due to our lifestyles and we are set on the path of extinction, unless we radically alter our lifestyles. This wonderful statue shows how lions are an endangered species in the world. We may go the same route. Diabetes, heart disease and obesity are on the increase due to our poor lifestyles. The planet earth is rebelling against our lifestyles just as our bodies rebel against our lifestyles. We need to reflect in order to make the necessary changes." Photo: ASHLEY RICH

### Slegs 10% US-akkommodasie tydens Wêreldbeker gevul

## Vraag na WB-verblyf laag

ANIKA MARAIS

Slegs 1 300 Algeriërs het tydens die FIFA Sokkerwêreldbeker vir vyf nagte van ses koshuise gebruik gemaak. 17 koshuise, ongeveer 3 000 beddens, is oorspronklik beskikbaar gemaak om akkommodasie aan toeriste en sokkerliefhebbers te verskaf. Die US het die organisasie van hierdie verhuur aan Accommodation Options Events uitgekonnekteer.

"Ja, ons is teleurgesteld," erken Jean Gultig, projekbestuurder Accommodation Options Events. Tog meen sy die US het in vergelyking steeds beter gevaar as ander hotelle of gastehuse in die Kaapstad-area. "Daar is baie gevestigde besighede in die omgewing wat geen besprekings ontvang het nie."

Volgens mnr Hein Swanepoel,

direkteur: Kommerciële Dienste, het die US nie verwag om al die beddens te vul nie. "Inteendeel; ons het nie regtig bepaalde verwagtinge gekoester nie en die projek op feitlike inligting bestuur. Berekening is op tussen 40- en 60%-besetting gedoen". Slegs 10% van die akkommodasie is in dié tydperk beset.

Gultig skryf die beperkte vraag na akkommodasie op Stellenbosch toe aan die afstand tussen die dorp en Kaapstad. Sy meen tydens die laaste week van die Wêreldbeker was Kaapstad se akkommodasie slegs 50% gevul. "Dit maak dit moeilik om toeriste te oortuig om 40km buite die stad te woon. Hulle sou eerder in Kaapstad akkommodasie bespreek en dan die Wynland deur middel van dagtoere besoek."

Swanepoel bevestig dit en meen dat die gebiede buite stede meer van

die wêreldbeker verwag het. "As daar teruggekyk word, is dit 'n redelike algemene opinie dat die platteland heelwat meer verwag het uit die toernooi as wat werklik daaruit verdien is. Ek verneem die wynroete het goed gedoen, maar die meeste mense het ingekom vir 'n wedstryd en weer die volgende dag saam met hul span vertrek."

Gultig meen Accommodation Options Events het deeglike navorsing, internasionaal en nasionaal, gedoen ter voorbereiding van die verhuur van koshuise en beklemtoon dat die US-akkommodasie nie te duur was nie. Sy voel die akkommodasie was kompetender op verskillende vlakke, insluitende in terme van fasiliteite, kamertariewe en spyskaarte.

Slegs Erica, Serruria, Heemstede, Nerina, Dagbreek, Minerva en Helshoogte se geriewe is gebruik.

# CHRIS LE ROUX MOTORS



Probleme met u motor kar? Geen probleem vir ons om dit te herstel teen 'n baie billike prys. Ons doen alle meganiese werk op alle tipe motors. Geen fout te klein of te groot vir ons nie. Ons spesialiseer ook in BMW motors.

Problems with your motor vehicle? No problem for us to fix it at a very reasonable price. We do all mechanical work on any type of motor vehicle. No fault too big or too small for us. We also specialize in BMW motor vehicles.

- FREE QUOTATIONS!!**
- Services guaranteed
  - Affordable and reliable
  - Over 20 Years of Professional experience
  - Qualified workmen
  - RMI registered business

**CONTACT DETAILS:**  
 Tel: 021 883 3724  
 Fax: 021 887 9114  
 Cell: 072 530 6816  
 chris@chrislerouxmotors.co.za

**234 BIRDSTRAAT STELLENBOSCH**

REMEMBER!! If you do not speak to one of us, Thomas, Chris, Sibbald or Chrismari, then you are not speaking to CHRIS LE ROUX MOTORS!!



## STELLENBOSCH AUTO CLINIC

MECHANICAL ELECTRICAL AIRCON ALARM

**ONS ONDERNEEM:**

- Diens en herstelwerk van alle voertuie (petrol en diesel)
- Auto elektroniese werk
- Auto elektriese werk
- Installeer en herstel van alarms
- Lugversorging
- Radios

**Kontak Nic**  
 Tel: 021 883 3661 / E-pos: sac@telkomsa.net

# SRC 2009/2010 impresses

# 8

## General Evaluation

The SRC of 2009/2010's vision is difficult to evaluate, making it challenging to measure success or failure. Their vision for SU campus is noble and surely a long-term dream to which future SRCs should strive.

Unfortunately, it should be noted that this vision was hardly seen in this SRC term, suggesting that too much energy was focused on the organising of smaller, even trivial, projects. Focusing on quality rather than quantity is advised. As a team, the SRC should be complimented on **working together effectively**, despite three resignations due to arbitrary reasons. Still, the impact of three new members was felt and put pressure on the team.

The SRC **stepped in for students** at appropriate times, representing the student body's opinion in terms of term dates and problems regarding togas for graduation. Feedback suggests that the SRC should **consider revising portfolios** and the descriptions thereof, as numerous members struggled to understand their portfolios. Some portfolios also overlap, making it difficult to manage them effectively.

Unfortunately, in meetings, some SRC members seemed unprepared, delaying decisions because of a lack of knowledge of the subject. By taking advice to heart, the next SRC can build on the platform this SRC has created.

“ We envisage an all-inclusive Matie culture which is accessible to and representative of all students. Through a culture of engagement and student participation, the SU SRC is committed to transparent leadership and the academic success of our students, with recognition of our responsibility to our community and environment. ”

– SRC Vision

## HOW THE EVALUATION WORKS


THE SCORES and commentary given in this evaluation reflect the views of various groups.

Questionnaires and commentaries were received from sub-committee members, Stellenbosch University staff, individual students and external persons. Also, SRC half-year reports were carefully read to develop an understanding of the relevant projects. These primary sources were used to shape a general impression of each SRC member.

Finally, a panel comprising staff from both Student Affairs and the SRC office, former SRC members and *Die Matie* journalists discussed each person in detail, focusing on

those about whom the feedback was unexpected. When views were contrary, additional time was spent on the person in question in an effort to keep the evaluation as fair as possible.

The final score reflects *Die Matie's* impression of each member, after considering the views of all parties involved in the evaluation.



### Gerhard Wiese Voorsitter

Gerhard het as voorsitter beïndruk ten spyte van sy besonder moeilike termyn met die bedanking van drie SR-lede. Ten spyte van hierdie terugslae het Gerhard die vermoë gehad om met sy **positiewe bestuurstyl** steeds sy span te motiveer. As 'n deelnemende voorsitter was hy oop vir gesprek en het hy nie besluite outokraties geneem nie, maar altyd ander in sy besluitneming geraadpleeg. Hy het daarom ook die essensiële samewerking tussen die SR en Studentesake (SS) verstaan en was bereid om take na SS te delegeraar van raad te vra.

Dit is duidelik dat Gerhard 'n **goeie begrip van die verantwoordelikhede** van 'n voorsitter het en daarom daarin geslaag het om sy SR te ondersteun. Gerhard het leierskap getoon met die

Helshoogte-debakel tydens JOOL, asook met sy bydrae om die probleme met die kwartaaldatum van 2011 onder die aandag van die Senaat te bring.

Hy het studente op kampus se belange op die hart gedra en ook die bestuur van die US tydens interaksie beïndruk. Hy word beskryf as 'n **integriteitsvolle leier**.

Tog word hy gekritiseer omdat hy by tye geskroom het om SR-lede aan te spreek.

### Neil de Kock Vice Chair AAC Chair

Neil understood his role as vice-chair extremely well and he is **respected for supporting Gerhard as chair**. It is clear Gerhard felt comfortable in assigning Neil tasks when he was not able to complete them. Despite the vague job description for the vice-chair, Neil realised that a good relationship and synergy between the chair and the vice-chair was essential. Neil succeeded in this and it would appear that **Neil and Gerhard worked well together**.

As AAC chair, Neil also impressed as a dedicated leader, despite the resignation of some of the AAC members. He had high expectations of himself and his committee, but was not known to put an excess amount of pressure on his team. Neil and his vice-chair, Matthew van der Walt, focused spe-

cifically on strategic planning for the AAC, such as finishing projects from the previous term as well as initiating sustainable projects for the next five years. As an example, the ABRi system is a long-term project.

Neil is also **extremely respected by the management of SU**, and impressed with his extensive knowledge of SU academic structures. He is also complimented on the way he dealt with students on a regular basis, going to great lengths in helping them with their academic problems.



Jan Greyling  
Primkomitee-Voorsitter  
JOOL/Dienste

Jan het sy rol as primkomitee-voorsitter met uitsonderlike inisiatief aangepak en het nie in die gemakson van vorige voorsitters se patrone verval nie. Jan moet gekomplimenteer word op die feit dat hy nie net 'n organiseerder was nie, maar werklik daarop gefokus het om deur middel van strategieese beplanning in terme van besluitneming die groter prentjie in ag te neem. Hy het vernuwende denke getoon en het vier nuwe taakspanne in die primkomitee geïnisieer. Jan se **vermoëns het die bestuur van die US beïndruk**.

Sy goeie interkampusverhoudinge en positiewe beeld van die US word gewaardeer, soos onlangs by die Housing Summit waargeneem is. Jan is 'n **sterk leier** wat nie skroom om moeilike kwessies aan te spreek nie en hy toon die volwassenheid wat nodig is om ander se opinies in ag te neem. Hy het waardevolle bydraes in sy JOOL-portefeulje gemaak, veral aan die begin van die jaar toe konflik met die JOOL-komitee aan die lug gekom het. Jan word aangemoedig om weer vir die volgende SR-termyn te staan.



Liezel Botha  
Tesourier  
Portefeuljebestuurder

Liezel word as 'n positiewe leier met baie entoesiasme beskryf. Sy het ongelukkig in haar rol as tesourier en portefeuljebestuurder teleurgestel. Terugvoering beklemtoon die feit dat sy as tesourier **nie altyd deeglik en akkuraat was nie** en dat haar werk deur administrasie-beamptes afgehandel moes word. Sy het ook nagelaat om 'n algemene finansiële oorsig saam met haar halfjaarverslag in te handig.

Ten spyte van haar positiewe houding teenoor haar rol as portefeuljebestuurder, het dit geblyk dat Liezel sukkel om hierdie rol te verstaan. Met onvoldoende bydraes in terme van SR-lede se beplanning en projekte het sy verder ook **nagelaat om vroegetydig probleme in sekere portefeulje te identifiseer** en te voorkom.

Tog was Liezel gewillig om tydens krisis te help en het sy byvoorbeeld vir 'n mede-SR-lid ingestaan by Drum Café tydens vanjaar se Woordfees. Die vraag is of Liezel werklik tot haar reg gekom het in hierdie portefeulje en of die portefeulje herdefinieer moet word.



Matthew Haden  
Societies Council Chair  
Environmental Affairs

During his term, Matthew was extremely active, launching a variety of projects and initiatives. He showed great perseverance and impressed with his diligence.

It is clear he has a **good understanding of SU structures** and succeeded in making them work together as seen in his recycling project in residences all over campus.

His initiatives are also sustainable and can definitely be continued and built on in the future.

Aside from his successes, Matthew is criticised for disregarding the Societies Council and his committees' ideas.

He is **strongly convinced of his own ideas**, and it appeared that Matthew was perhaps too adamant at times.

Feedback revealed that his portfolios were not necessarily suited to being part of the SRC Executive Committee.

It should be mentioned that he worked hard on change within the SRC on which future SRCs can only improve.



Cara Meintjies  
Gemeenskapsinteraksie  
Interne Aktiwiteite

Cara was goed voorbereid vir haar portefeulje. As HK-lid vir gemeenskapsdiens en SR-komiteelid vir gemeenskapsdiens, het Cara **genoegsame ondervinding** gehad om die portefeulje met sukses te handhaaf.

Sy het veral beïndruk met haar bestuur van die 100 uur-uitdaging en het waardevolle bydraes gelewer om te verseker dat studente se gemeenskapsdiens-bydraes in die toekoms op hul sertifikate bygevoeg kan word.

Ander inisiatiewe sluit in die brosjure om studente oor bedelaars in te lig, asook ondersteuning aan die One Stop-diens. Cara het 'n positiewe bestuurstyl en het haar komiteelede en ander vrywilligers geïnspireer om aan projekte deel te neem.

Tog lig terugvoering uit dat **Cara meer op die bemerking van haar projekte moes fokus** om sodoende betrokkenheid op kampus uit te brei.

In terme van haar portefeulje, Interne Aktiwiteite, het Cara daarin geslaag om die SR as span saam te bind ten spyte van die ontwrigting van drie bedankings.

Due to the resignation of two SRC members in the last six months of this SRC's term, it would be unfair to evaluate Etienne Esterhuysen and Gugu Moyo on an individual level.

Therefore, it was decided rather to discuss the four portfolios separately, including contributions by former SRC members Lise Morrison and Tshepo Mvulane.

**Matie functions**

Lise Morrison was awarded this

portfolio initially. She did **contribute by getting sponsors for events** as well as organising the SR Woodfees, although there were complaints about a lack of planning and marketing of the events. Matie Week was also included in this portfolio. After Lise's resignation, Gerhard Wiese took over and appointed Jonathan Blanckenberg as manager. Etienne Esterhuysen was thrown in the deep end after he was appointed as SRC member and had to organise MatieVox, previously known as Matie Idols, within the first

three weeks of his term. He should be applauded for his dedication and diligence. Liezel Botha took over the planning for the sponsor's farewell function which will take place later this year.

**MatieTrots**

After being elected to the SRC, Tshepo Mvulane asked to be awarded this portfolio. He had an **action plan to highlight students' successes** on and off campus. Although his plans seemed promising, nothing substantial came of this. After Tshepo's

resignation, Etienne received this portfolio, but due to a lack of time, Etienne did not have a chance really to work on the portfolio.

**Sekretariaat**

Lise het haar rol as sekretaris **uiters goed behartig**. Sy was altyd betyds met notules en agendas en was oor die algemeen goed georganiseerd. Etienne het hierdie rol met gemak oorgeneem en sy deeglikheid was indrukwekkend.

**Current Social Affairs**

Tshepo initially impressed by organising **two forums attracting approximately 40 students** to each event. The forums facilitated discussions about student fees and language. Due to Gugu's short time on the SRC she has not been able to build on this portfolio. The SRC Chair encouraged her to focus on taking part in SRC events, such as the Diski Dance. Still, Gugu **initiated talks with the Centre for Student Communities** about why students who live in Stellenbosch are awarded rooms in residences.



**Lloyd Blake**  
PSO Chair  
PC Vice Chair



**Nadia Marais**  
Eenheid  
Dialogoog



**Erik Mudge**  
Media Manager  
Safety  
Commercialisation



**Jeanné Odendaal**  
Kulturele Aktiwiteite

Despite joining the SRC at the beginning of the year, Lloyd **left a lasting impression** in a short space of time. As PC vice chair, he maintained a good relationship with Jan Greyling, which allowed them to work together effectively. Lloyd specifically impressed with his **contribution to PSO issues**. He worked hard on PSO integration and changing the general attitude campus has towards PSOs with projects such as the PSO logo. He also strongly believed in the ResEd programmes and encouraged residences and PSOs to take part wholeheartedly.

Lloyd also effectively helped Equité with their problems at Rozenhof residence. He had the difficult task of being the prim of Oude Molen and managing a HK, while simultaneously serving on the SRC. Lloyd **succeeded in balancing these responsibilities** extremely well. He is encouraged to run for the 2010/2011 SRC.

Dit was duidelik dat Nadia verstaan het wat van haar verwag is met haar uitdagende portefeuljes. Goeie samewerking met die Eenheid vir Multikulturele Sake en Diversiteit en suksesvolle studenteparlemente getuig hiervan.

Haar fokus op MatieHoop het ook goed aangesluit by die wyer visie van die US soos deur prof Botman verwoord as die Pedagogie van Hoop. Sy word ook gekomplimenteer vir haar ondersteuning tydens vanjaar se Nasionale Debatkometisie. Dit blyk egter dat Nadia **baie hooi op haar vurk gehad** het en daarom nie ten alle tye effektief as SR-lid kon funksioneer nie.

Dit wil voorkom asof sy aan die begin van haar termyn ook té lank tyd aan beplanning bestee het en daarom is van haar idees nie uitgevoer nie. Ten spyte van hierdie kritiek is dit duidelik dat Nadia baie **ontwikkel het as leier in die afgelope termyn**.

The portfolios assigned to Erik fitted him very well. He was effective in updating the SRC computer systems and played a vital role in supporting the other members by, for example, creating a sharepoint and updating the website. He is **very diligent** and it is appreciated that he was confident enough to ask for assistance when he needed help.

Erik was also focused on starting long-term projects. He ensured projects would be sustainable. Unfortunately, only **future SRC members will reap the success** of his efforts. These initiatives include EblockWatch, an emergency speed dial on cell phones, and toll-free USB numbers. Erik also impressed with good communication with his subcommittee. Most of Erik's contributions were behind the scenes and his efforts were therefore not always visible to the average student.

Jeanné het 'n gevestigde portefeulje ontvang. Die kultuur-portefeulje het jaarlikse geleenthede wat georganiseer moet word, soos die toneelfees, molasseser en kleinsier.

Vanjaar het Jeanné en haar komitee ook die verantwoordelikheid om Nasionale Ser te organiseer. Jeanné word gekomplimenteer vir haar **entoesiasme oor die portefeulje** en die sukses waarmee projekte afgehandel is.

Tog moet gevra word of Jeanné nie verder kon uitbrei op vorige jare se pogings nie. **Min nuwe inisiatiewe is oorweeg**.

Meer diversiteit in kultuur-aktiwiteite kan ook oorweeg word. Jeanné word gekritiseer deur subkomitee-lede vir 'n tekort aan effektiewe kommunikasie en 'n onvermoë om altyd by sperdatums te hou. Sy word ook daarop gewys dat sy te veel gedelegeer het en te min direk betrokke was by belangrike geleenthede.

**HOE DIE SR SAAMGESTEL WORD**

BUITEN die elf kandidate wat in die SR-verkiezing verkies is, is daar ook verteenwoordigers van ander liggame op die SR om seker te maak dat spesifieke studente-belange aangespreek word. Hierdie SR-lede staan as *ex officio*-lede bekend, dit wil sê SR-lede wat uit die hoofde van hul amp op die SR dien. Hierdie SR-lede is stemgeregtig. Die *ex officio*-lede is die voorsitters van die Akademiese Belangeraad (ABR), Verenigingsraad (VR) en Primkomitee (PK), sowel as die PK-ondervoorsitter, die Tygerberg-Studenterraad (TSR)-voorsitter en die studentekaptein van die Militêre Akademie op Saldanha. Daar is vanjaar slegs een bestuurder aangestel (vir Sport). Hierdie SR-lid woon SR-vergaderings by, maar kan nie stem nie. Die portefeulje-indeling word ná die SR-verkiezing bepaal.



**Abraham van Zyl**  
Bemarking  
Eksterne Aktiwiteite

Abraham het op sy voorganger se pogings verbeter. Die SR was sigbaar op kampus en bemarking was veral goed tydens die Verwelkomingsweek en Clusterdag. Abraham het ook beïndruk met sy SR-video-inisiatief en sy samewerking met MFM om die SR te bemark.

In terme van eksterne skakelings het hy sy rol vervul deur studenteleiers van ander kampusse by die US te ontvang, asook deur 'n toer na Pretoria vir die SR te organiseer om ander universiteite te verken.

Die vraag is egter of die portefeulje Eksterne Aktiwiteite nie ook uitgebrei kan word na 'n portefeulje wat beoog om **samewerking tussen universiteite in die Wes-Kaap te verbeter** nie. Deur studenteleiers saam te bring, kan groter kwessies bespreek en moontlik opgelos word. Tog moet Abraham op sy toeganklikheid en vriendelikheid gekomplimenteer word. Dit blyk egter dat **hy sy vermoëns onderskat** en in die toekoms miskien tot meer instaat kan wees.



**Cathy Wood**  
First Generation Maties  
Student Development

Cathy comes across as a dedicated leader and seemed enthusiastic about her portfolios. She **launched a variety of projects**, such as the HIV March and the Cultural Swap.

Despite the successes of these projects, committee members felt Cathy could have delegated tasks more effectively.

Cathy is extremely hardworking but she appeared **afraid to ask for assistance**, and communication with her subcommittee was, at times, not clear. In terms of First Generation Maties, Cathy showed real compassion at the beginning of the year, helping first years to find accommodation and to adapt to university life.

Unfortunately, planning for the Cluster Day was not efficient and created some confusion. Cathy did succeed in organising a successful debriefing session for the SRC.

Cathy did not seem to grasp the Student Development portfolio fully. Redefining the portfolio should be considered to help Cathy's successor.



**Eddie Nkuna**  
Student Captain MILAC

It is difficult to evaluate the MILAC student captain, as he is primarily active on the Saldanha campus.

Despite this, Eddie should be complimented on the way in which he made an effort to **improve the relationship between the two campuses**. He attended all the SRC meetings, despite the distance between Saldanha and Stellenbosch.

He was always well-prepared for meetings.

He is described as a strong leader in Saldanha and is respected by student leaders in Stellenbosch.

Although the **leadership dynamic in Saldanha differs from that of Stellenbosch**, Eddie made a successful effort to be part of activities on campus, such as RAG.

A highlight was the weekend organised by Eddie during which SRC and PC members visited MILAC campus.

He is also commended for his part in helping students from MILAC solve problems in obtaining student cards.



**Maryke Pauw**  
Sport Manager

Maryke was a **suitable manager**. Her role as manager differs from the roles of the other SRC members, mainly as she has no voting right on the council.

Maryke was not elected as SRC member, but **applied for the position**. She is described as a good leader with a positive attitude.

Her committee members were impressed with her diligence and **ability to delegate tasks effectively**. She achieved success with the Varsity Cup and showcased her skills in organising a few events on campus, such as the soccer flash mob.

It is clear that she has a passion for sport, but some criticised her for only focusing on major sports on campus and not supporting smaller sports enough.

Her not focusing on the FIFA Soccer World Cup more was also questioned.

Maryke still has two projects in the pipeline, including the annual Enduro Challenge.



**Keeve de Villiers**  
Tygerberg-Studenterraad  
Voorsitter

Keeve het beslis genoegsame ondervinding vir sy rol as TSR-voorsitter gehad.

Hy is bevoeg as leier en het beïndruk met sy betrokkenheid op kampus, tesame met sy verantwoordelikhede op Tygerberg-kampus. Keeve en sy span het **baie inisiatiewe op Tygerberg geloods**.


Sommige meen hy het gepoog om té veel aan te pak (en baie van die projekte moet na die volgende termyn oorsaak).

Keeve het beïndruk met sy goeie verhouding met personeel en sy verstaan van US-strukture.

Keeve kom as 'n sterk leier voor, maar word gekritiseer as gevolg van sy **onvermoë om ander se opinies in ag te neem**.

Ten spyte hiervan was hy suksesvol deur sy TSR te inspireer om moeilike kwessies op Tygerbergkampus aan te spreek.

Hy word ook gekomplimenteer vir die kwartaalike terugvoer wat hy aan alle Tygerbergstudente gestuur het.



**IN 'N BLIK GEDRUK** Nugent Lewis (links onder), derdejaar BA Menslike Hulpbronne Bestuur-student, en Gabriel Malefetse, derdejaar BComm-student, woon tans in twee Bliksem-skeepsvrachters buite Helderberg. Beide studente vind die verblyf aangenaam, ten spyte van sommige probleme.

Foto's: JOHANN SWART

Gebrek aan internettoegang problematies

## Studente onseker oor Bliksems

ZANIE MAREE

**T**wee Bliksem-Studente, skeepsvrachters wat vir studente-behuising ingerig is, is by Helderberg-manskoshuis geïnstalleer. Topshell, ontwerper en vervaardiger van die skeepsvrachters, het in samewerking met die Universiteit Stellenbosch (US) vier van hierdie skeepsvrachters by die koshuis geïnstalleer.

Nugent Lewis, inwoner, beskryf sy verblyf in die skeepsvrachter as baie aangenaam. "Dit het die gevoel van 'n woonstel by die koshuis." Die Bliksem-Student is ten volle toegerus met 'n kombuis-en-studie-area, asook met 'n en-suite badkamer en 'n lugversorger. Lewis meen dit is baie prakties vir 'n student en kan beslis aan 'n student se behoeftes voldoen.

Gabriel Malefetse, inwoner, stem egter nie met Lewis saam nie. Hy meen dit is in terme van studentehuisvesting baie onprakties. Malefetse noem dat die grootste probleem die gebrek aan internettoegang is.

Die studente wat in die Bliksem-Student woon, betaal dieselfde hoeveelheid as diegene in die koshuis, maar het nie toegang tot die internet nie. Malefetse sê dat die US die installering van nuwe internetlyne as te duur beskou.

"Vir 'n student is dit 'n groot probleem. Internettoegang is 'n noodsaaklikheid en telkemale moes ek na Fharga gaan, omdat Helderberg se rekenaargebruikersarea se internet stadig of buite werking was."

Hy sê dat dit die US se verantwoordelikheid was om aan hulle die korrekte matrasse en stoele, soos deur Topshell voorgeskryf, te voorsien, maar dat dit egter nooit

plaasgevind het nie. "Ons moes dit self uit ander seksies in die koshuis gaan haal."

Nog 'n kwessie is dat die kombuisarea nie 'n wasbak het nie en dat die enigste opwasgeriewe in die badkamer is. Die vloer is uit 'n rubberige materiaal gemaak en Malefetse noem dat dit baie vinnig vuil en beskadig word.

Mnr Deon van der Merwe, besturende direkteur: Topshell, sê dat baie navorsing rakende die vloeroppervlak gedoen is en dat dit die beste opsie was. "Daar is nie 'n wasbak in die kombuisarea nie omdat die US aangeneem het die studente sal steeds by die koshuis eet."

Ten spyte van hierdie probleme het beide Malefetse en Lewis hul ervaringe as aangenaam beskryf.

"Die afwerking is baie modern en mooi, amper soos dié van 'n driester-hotel."

Die lugversorger verseker dat die temperatuur altyd gereguleer is en die studente geniet 'n groot mate van privaatheid.

Beide studente is dit eens dat die Bliksem-Student-projek suksesvol kan wees mits die US aan praktiese punte aandag gee.

Van der Merwe sê dat die US 'n bestelling van vier-en-twintig skeepsvrachters vir plasing op die Tygerberg-kampus vir die jaar 2011 bestel het.

Mnr Pieter Kloppers, direkteur: Sentrum vir Studentegemeenskappe, noem dat hulle kennis dra van die internet-kwessie en voortdurend daaraan werk om internettoegang 'n moontlikheid vir die toekoms te maak.

"Die ander twee skeepsvrachters sal vinnig gevul word siende dat dit soos enige studenteverblyfopening hanteer word."

## Vuvuzelas spice up first African WC



**CROSSING BORDERS**

Elfreda N L Arthur

THE FIRST African World Cup was held here in Mzansi. The spectacular tournament silenced all those who thought FIFA made a mistake by choosing South Africa as hosting nation. The preparation was fantastic and security was superb. The sceptics were wrong!

The sound of the vuvuzelas at the opening ceremony and match charged the atmosphere. Concerns were raised about the vuvuzela to the extent that FIFA considered banning it.

I was relieved when Danny Jordaan, Chief Executive Officer of the 2010 FIFA World Cup South Africa, emphasised that the vuvuzela would only be banned if it was used as a weapon. Fans were also very supportive when they showed respect during the playing of the national anthems of the various countries, without the screeching sound of the vuvuzelas. Soon, the vuvuzela became a cheering partner at the stadium, at home, at fan fests and at other public

viewing places. Most foreign fans added the vuvuzela to their luggage as they headed for home.

The tournament itself was full of surprises and disappointments with top-class teams bowing to unsuspected teams. Africa's attempts to qualify from the group stages became a reality when Ghana became one of the top sixteen teams.

As I am a Ghanaian, I was very excited for my motherland and for Africa. The support of the entire continent for the Black Stars reminded me of the first president of Ghana, Kwame Nkrumah's, words: "Ghana's independence is meaningless unless it is linked to the total liberation of the African continent". So the South African fans christened the Ghanaian side BaGhana BaGhana!

Ghana reached the quarter finals and Africa was ready to rewrite history by reaching the semi-finals. Suarez! That is the name which still brings back painful memories of how Ghana lost the match to Uruguay on penalties. Ghana and the whole of Africa were shattered. What if Suarez's hand ball was accepted as a goal? What if Asamoah Gyan had scored the penalty

awarded to Ghana? What if Ghana had scored with the penalty shoot?

Painful as it might seem, Ghana was out of the tournament. Nevertheless, the Black Stars were the heroes of the continent for becoming the third African team to reach the quarter finals.

Having been in South Africa since 2009, I was delighted to see how the tournament united the people of Mzansi. Prior to the FIFA World Cup, tension was present in the country. This made foreigners, in particular, very uncomfortable.

But South Africa is united in diversity. Despite struggles in the past, this country serves not only as the hub of economic activity, but also as a knowledge powerhouse on the continent.

— Arthur is a post-grad student from Ghana. She started her MPhil in Information and Knowledge Management at the beginning of 2010.

The opinions expressed in this column are not necessarily those of this newspaper, its editor, or any member of its staff.

## Luister-Leef-en-Leer-huise herdink

**AKTUELE SAKE-REDAKSIE**

DIE LUISTER-Leef-en-Leer-projek lyk in 2011 anders. Die Sentrum vir Studentegemeenskappe het die formaat van dié projek heroorweeg.

In 2011 sal daar 128 openinge vir studente in 17 huise wees. Temas vir

die huise is ook geëvalueer. 'n Mediahuis gaan geskep word wat hoofsaaklik daarop gaan fokus om die aktiwiteite van die ander huise te bemark.

Tygerbergse eerste Luister-Leef-en-Leer-huis, met die tema Telemedisyne, gaan ook geopen word.

Die Sentrum vir Studentegemeenskappe poog om die temas van

die huise so na moontlik aan die VN se Millennium-doelwitte te hou.

Die huise beoog om studente van verskillende rasse, kulture en fakulteite in huise te plaas om sodoende uitdaginge dialoog uit te lok.

Studente kan tot en met 24 Augustus aansoek doen. Uitslae sal teen 8 September bekendgemaak word.

# SUSHI SPECIALS

WEDNESDAYS

SATURDAYS

12 - 9 PM

SUNDAYS

**JOHN DORY'S**  
FISH & GRILL

Eat in Only • While Stocks Last • No Sharing





**MATIES MET HOOP** Maties het op Vrydag 23 Julie 2010 tydens etensuur in die Endlersaal die bekendstelling van MatieHoop ondersteun wat vandeeweek in lyn met die rektor se Pedagogie van Hoop op kampus geloods is. MatieHoop, onder leiding van Nadia Marais, SR-lid: Eenheid en Dialoog, beoog nie net om studente as eenheid te verbind nie, maar ook om die institusionele visie van die US met studente-ervarings te bely. Aanvanklik beoog MatieHoop om te fokus op dialoog deur stories van Stellenbosch en Suid-Afrika te gebruik om gesprek onder studente uit te lok. Prof Russel Botman, vise-kanselier en rektor, was ook 'n spreker by dié geleentheid. Die geleentheid is lewendig op Mymaties.com uitgesaai waar studente of oud-studente dit kon kyk.

Foto: JOHANN SWART

# BURSARIES AND POSTS

## CENTRE FOR ENVIRONMENTAL MANAGEMENT ([www.ufs.ac.za/cem](http://www.ufs.ac.za/cem))

Masters, doctoral and post-doctoral posts are available for 2011 at the Centre for Environmental Management at the University of the Free State.

Successful candidates for the posts will be required to perform heavy field work and 4 x 4 driving skills would be advantageous.

Prospective applications for posts are encouraged to apply.

Please email your CV and a covering letter to: [esterhuyses@ufs.ac.za](mailto:esterhuyses@ufs.ac.za) or [koleskydm@ufs.ac.za](mailto:koleskydm@ufs.ac.za) before 31 August 2010.

## STRATEGIC ACADEMIC CLUSTER: WATER MANAGEMENT IN WATER-SCARCE AREAS (<http://research.ufs.ac.za/watercluster>)

Masters, doctoral and post-doctoral bursaries are available for 2011 in the Strategic Academic Cluster: Water Management in Water Scarce Areas, with special interest in the following focus areas:

- MANAGEMENT OF AQUATIC ECOSYSTEMS IN WATER-SCARCE AREAS
- CLIMATE CHANGE AND VARIABILITY IN WATER-SCARCE AREAS
- MANAGING WATER SCARCITY IN AGRICULTURE
- OPTIMAL WATER-USE FOR DEVELOPMENT IN WATER-SCARCE AREAS

Prospective students are encouraged to apply.

Please email your CV and a covering letter to: [esterhuyses@ufs.ac.za](mailto:esterhuyses@ufs.ac.za) or [koleskydm@ufs.ac.za](mailto:koleskydm@ufs.ac.za) before 31 August 2010 and specify in which focus area your research interest lies.



Centre for Environmental Management and  
Strategic Academic Cluster: Water management in Water-Scarce Areas  
UNIVERSITEIT VAN VRYSTAAT - UNIVERSITY OF THE FREE STATE - YUNIVESITHI YA PREISTATA  
Tel: 051 401 2863, Fax: 051 401 35629  
Email: [cem@ufs.ac.za](mailto:cem@ufs.ac.za), Website: [www.ufs.ac.za/cem](http://www.ufs.ac.za/cem)

## Comfort Food

MICHELLE GOW

A GOOD Texan would rather swallow a rattlesnake than call this dish "chilli" (the real Tex-Mex version is little more than hot peppers and meat), but I've never let authenticity get in the way of a good meal.

This recipe saw me through several glacial undergraduate winters in Montreal, and is equally well-suited to the sodden chill of Stellenbosch.

It is cheap and filling, and demands no more effort than a stir-fry and warms one from top to toe.

Since its flavour improves over time, chilli makes excellent leftovers. Eat it with rice or quinoa, ladle it on to nachos or use it as a filling in quesadillas, tacos and wraps.

### Student Chilli

(Recipe adapted from [www.domesticgoddess.ca](http://www.domesticgoddess.ca).)

Don't worry about exact quantities or even specific vegetables: this is a very forgiving recipe, and doubles nicely.

Add more spice if you like it hot, but remember that the flavours intensify as it simmers.

Feel free to add some pre-cooked ground beef or crumble in a block of tofu as you stir in the tomatoes.

1 tablespoon olive oil  
1 yellow onion, diced  
4 cloves garlic, minced

1 green pepper, diced  
1 red pepper, diced  
2 zucchinis, thinly sliced into rounds  
½ teaspoon salt  
½ teaspoon fresh black pepper  
½ cup red or white wine  
1 small can or tub of tomato paste  
1 can red kidney beans, rinsed and drained  
1 can black beans or chickpeas, rinsed and drained  
1 large can stewed tomatoes, with juice  
1 teaspoon chilli powder  
½ teaspoon paprika  
½ teaspoon turmeric  
¼ teaspoon dried red chilli flakes  
2 bay leaves  
1 small can sweet corn, drained

1. Heat a large, heavy-bottomed pot with the olive oil. Add the onion and garlic and sauté for one minute then add the red and green peppers. Cook for two minutes, and then add the zucchini, salt and pepper. Continue to cook on medium heat for another five to ten minutes until the vegetables start to soften.

2. Add the wine, tomato paste, beans, stewed tomatoes, spices and bay leaves.

3. Simmer on low heat for at least thirty minutes, stirring occasionally.

4. Ten minutes before serving, add the sweet corn and taste to see if any additional spices are needed.



## Suie saam met seerowers

ARNÉ GREYLING

W at is jou eerste gedagte wanneer jy aan rum dink? Miskien dink jy aan rum-enrosyntjie-roomys of die welbekende seerower met die gebuigde knie, Captain Morgan.

Met 'n alkohol-inhoud van gemiddeld 40% is rum definitief nie vir diegene met 'n lae alkohol-toleransie nie. Rum word deur die fermentasie van suikerriet gemaak. Dit is wat die soet smaak verskaf.

Net soos whiskey en brandewyn word hierdie drankie ook ná produksie verouder om die smaak te laat ontwikkel, en dus is daar ook 'n spesifieke wyse waarop rum geproe moet word om dit ten volle te geniet.

Aangesien die reuk- en smaakorgane so naby aan mekaar geleë is en mekaar beïnvloed, word daar eers aan die rum geruik voordat daar geproe word.

Dit is beter om 'n glas met 'n wye opening te gebruik sodat jy geleentheid kry om al die aromas te geniet. Indien die rum kompleks van aard of lank verouder is, sal jy meer geure optel.

Neem nou 'n slukkie van die drankie saam met 'n asemteug in jou mond. Voel die tekstuur van die rum teen jou tong en verhemelte. Is dit glad, oliërig of droog?

Die eerste smaak wat jy proe sal

waarskynlik dié van sitrus wees, terwyl die ander smake daarna sterker sal wees met ondertone van sjokolade, kokosneut en geroosterde neute.

Nadat jy 'n mondvul geproe het, sal die nasmaak jou meer oor die kwaliteit van die rum vertel.

Met verouderde rum sal 'n kombinasie van die ondertone in jou mond agterbly. Hoe langer die smaak agterbly, hoe meer kompleks is die rum.

Noudat jy weet hoe om rum op die regte manier te proe, kan jy met verskillende tipes eksperimenteer. Hierdie tipes word dikwels bepaal deur waar die rum gemaak is.

Verskillende distilleerderye sal verskillende tipes rum oplewer. Ligte rum, donker rum en goue rum is die hoof tipes, indien dit volgens kleur getipeer word.

Ligte rum word ook soms silwer of wit rum genoem en is nie so sterk soos ander tipes rum nie. Dus word dit dikwels in mengeldrankies gebruik.

Hierdie rum is lig van kleur en word dikwels ná veroudering verder gefilter om van die oorspronklike donker kleur ontslae te raak.

Dié tipe rum het sy oorsprong in Puerto Rico en die vernaamste voorbeeld is Bacardi.

Donker rum is heelwat donkerder van kleur en word ook soms swart rum genoem.

Die verouderingsproses van donker rum is langer as dié van ligte rum

en dit is hier waar die donker kleur ontwikkel.

Dit het ook 'n baie sterker geur en ondertone van speserye en karamel kan onderskei word.

Donker rum gee kleur en geur aan mengeldrankies, maar kan ook skoon of op ys geniet word.

Hierdie tipe rum word in lande soos Jamaika en Haïti gedistilleer. 'n Plaaslike voorbeeld van donker rum is Red Heart.

Goue rum kan as die goue middeleg tussen ligte en donker rum gesien word.

Hierdie rum se geur is sterker as dié van ligte rum, maar ligter as dié van donker rum.

Die kleur is redelik donker, maar aansienlik ligter as swart rum s'n en hierdie rum is bekend vir sy goue skynsel. Captain Morgan is 'n voorbeeld van hierdie tipe rum.

Rum kan ook volgens die byvoegsel van speserye of ander geurmiddels geklassifiseer word.

Net soos daar premium brandewyn en whiskey beskikbaar is, is daar ook premium rum. Alhoewel hierdie rum meer geurig is en verkieslik sonder die byvoeging van water of koel drank geniet moet word, is die prys ook aansienlik hoër as dié van die res van sy familie.

Al wat ná die lees van hierdie artikel nodig is, is om uit te gaan en met die verskeie tipes rum te eksperimenteer.



## Come dine away your winter blues

MONIQUE MORTLOCK

WHAT do you usually do this time of the year when it's cold, wet and gloomy? I'm sure many students' answer would be: "We eat".

There's nothing better than having a full stomach to keep those winter blues away, especially if it's a warm, delicious home-style meal.

There are many relatively unknown restaurants and cafés in Stellenbosch, so *Die Matie* ventured out in search of a suitable place that serves excellent hot dishes on a student budget.

We're used to eating at the usual student hang-outs that offer good food at affordable prices such as Vlambojant, Jeff's Place, Nektar, Nca'Kos, Feathers, Noodlebosch and Bumpers (which are all situated in the Neelsie). However, after scouring the streets of Stellenbosch in search of ideal places to dine, a few interesting discoveries were made.

In Bird Street there are a variety of well-known places where you can enjoy a good sit-down meal at a reasonable price, like at KFC and Zebro's.

Fantastic Food Court, which is also situated in Bird Street, serves Indian dishes for those who enjoy spicy food such as their curries and "bunny chows".

A must try is also Five Star Fisheries or Bird Street Fisheries which is situated in the same street and satisfies the craving for some delicious seafood.

Should you find yourself in Andringa Street and in the mood to snack, there is the ever-popular Man'ouche, the Lebanese restaurant where breakfast is served for only R10. This restaurant is loved



by some students, yet many are still unaware of its existence. Henriette Volschenk, a third year Drama student, says, "Man'ouche is a must. The food tastes just like my mother's and it is so filling. It's real value for my money."

If Lebanese food isn't your thing then find another spot in Andringa Street such as Celebrate with its regular specials. Another hidden treasure that can be found in this busy street is Sgt. Pepper. This wine-bar-restaurant is well-known for its

gourmet pizzas. It is described by first-year student Nia Rittman as a "chilled place where they make the best pizzas in Stellenbosch."

If you're in the mood for authentic Italian cuisine served in a warm and cosy environment then Arpeggio is the perfect spot. This restaurant is situated in Mill Street and has a friendly and homey atmosphere. Here you will find a scrumptious vodka pasta or, if you prefer the vegetarian route, a lentil soup.

The Black Rose is a quaint restaurant hidden in a sunny alley opposite the Stellenbosch Town Hall. It has a lovely seating area outside as well as inside where you can enjoy their superb meals, which range from tomato stews to chicken and vegetable soups. They even serve delectable desserts for those who have a sweet tooth.

Another hidden jewel is Greengate, which can be found in De Wet Square on the corner of Bird and Church Streets.

Here you choose your portions as customers can dish from the buffet offered and pay per kilo. The menu changes daily to give customers a choice over a variety of meals such as soups, stews and pies, all of which are freshly made daily.

And if none of these places tickle your fancy, go out and explore Stellenbosch to find other places to tantalise your tastebuds.

62 Andringa St.  
Stellenbosch

(021) 852 9672

THE  
BRAZEN HEAD

Sunday Specials (2 for 1) 12:00–22:00

2 x 500g Ribs R69.95

Served with potato wedges & veggies.

2 x Sauce Burgers R72.95

Served with salad & potato wedges and a choice of mushroom/garlic/pepper/cheese/prego/cheddar-melt sauce.

2 x 250g Cheddar-melt Steaks R69.95

Served with veggies & potato wedges.

2 x Beef & Chicken Burgers R69.95

Served with cheddar-melt sauce, potato wedges & veggies.

2 x Kalamani Burgers R72.95

Samosas, ribs, chicken strips & potato wedges.

2 x Beef & Chicken Burgers R69.95

Served with cheddar-melt sauce, potato wedges & veggies.

100g grilled steak, 100g grilled chicken, salad, potato wedges, rice & gravy.

# Welcome to Cougar Town

HAYLEY MARCOVICH

THIS series is relatively unknown, but definitely a gem. If you've experienced any relationships with a younger guy or have parents that got divorced, this ridiculously dysfunctional family will have you crying with laughter.

Courtney Cox-Arquette plays Jules Cobb, the owner of a fairly successful estate agency. She's a 40-something, recently divorced woman who has been forced to enter the world of dating once again by her much younger friend Laurie (Busy Philipps).

However, this isn't just any kind of dating. Jules is expected to enter the world of dating younger men: she is a cougar. As an absolutely gorgeous woman, Jules manages to catch the eye of a few 20-something guys.

But, as with everything in life, there is always a complication and Jules's is her ex-husband, Bobby (Brian Van Holt), who pops around

most mornings to grab his cup of coffee or pick up their son Travis (Dan Byrd). Sympathy is felt for Travis who has to deal with his not-so-sane father who drives around in a golf cart and mows lawns at his school, and his cougar mother, the centre of the boys at school's attention. Cougar Town is definitely worth the watch; with its real-life humour it might not be for everyone, but at least you can sit back and smile as you appreciate your own mother.



New star to be chosen soon

# Maties showcase talent

MARTMARIE KNOETZE AND JOEY VOLSCHENK

Finally it is here, the Maties Vox (formerly known as Maties Idols) finals. The cream of Stellenbosch's crop will entertain their fellow students on 29 July at the Endler Hall as they battle it out to see who will be the next singing sensation from Stellenbosch.

The show will start at 18:30 and tickets are available at the SRC office or at the door at a mere R25 each. Etienne Esterhuysen, SRC member and organiser of this popular event, explains the procedure followed in selecting a winner: "At the finals the audience can expect six finalists performing solos and then [they will be] grouped into duets to test their ensemble performance as well."

Suspense ran high at Bloemhof Girls' High last week, where the semi-finals were held.

Fourteen contestants each gave their best, but unfortunately there were only six available spots for the final.

Ada-Ann Esplin, Arnold Motsau, Josh Prinsloo, Hazel Vermeulen, Ricardo de Ruiter and Sulene Pienaar were named the final contestants in Maties Vox.

Last year's winner, Joao Da Fonseca, has already made a name for himself as J Something and is now a signed recording artist with Pyramid Rox Studios.

Joao has been spending most of his time recording in Johannesburg and working with great musicians while being involved in the Fan Park performances during the World

Cup which "has been incredible," he says. As the winner of the 2009 Maties Vox, Joao knows all about the anxiety experienced by the contestants.

So before the last finalist takes to the stage, Joao sends some final words of wisdom: "You have made it this far, which means you are good. So, from now you have to sing like it is your art and not somebody else's art."

"There is a lot of music out there, and the music industry is extremely scary, but one thing you must always remember is that you are unique and an individual and the great thing is there is no other you."

This event promises to be one that should not be missed and the organisers encourage all fans to support their fellow students.

## TOP 10

1. ALEJANDRO - LADY GAGA
2. STEREO LOVE - EDWARD MAYA FT. VIKA JIGULINA
3. GOOD TIMES - ROLL DEEP
4. WATERCOLOUR - PENDULUM
5. HOU MY VAS (DIE EINDE VAN 'N HARTBREEK) - VAN DIENS AF
6. AMBITIONS - DONKEYBOY
7. CANDY - AGGRO SANTOS ft. KIMBERLY WYATT
8. WON'T GO QUIETLY - EXAMPLE
9. PYRAMID - CHARICE FT. IYAZ
10. DOG DAYS ARE OVER - FLORENCE AND THE MACHINE



**DIT WAS HIER** Talle US-studente het hul gunstelingspanne tydens die Wêreldbeker in al hul glorie met vuvuzelas, makarapas en hope gees ondersteun. Foto: JANDRÉ ROBBERTZE

**STELLENBOSCH My Plek**

**MATIE.WEEK**

26 Julie	<b>Matie Launch</b> Tyd: 13:00 Waar: Neelsie Gat	29 Julie	<b>Matie Ete</b> Tyd: 12:45 Waar: Rooiplein
26-29 July	<b>Enduro Challenge</b> 72 Hour Non Stop Challenge Waar: Neelsie Gat	29 Julie	<b>Matie Vox</b> Tyd: 18:30 Waar: Endlersaal <small>Haartjies beskikbaar by die SR Kantoor</small>
27 July	<b>Kleinsêr Cluster Konserste</b> VICMEYER MINERVA 1 <sup>e</sup> : 18:00 2 <sup>e</sup> : 19:30 NORTHERN GREAT SIMONSBURG 1 <sup>e</sup> : 19:30 2 <sup>e</sup> : 20:45 WIMBLEDON FENDRAG 1 <sup>e</sup> : 20:45 2 <sup>e</sup> : 22:00	30 Julie	<b>Soen in die Laan</b> Tyd: 13:00 Waar: Die Laan
28 July	<b>Kleinsêr Cluster Concerts</b> UBIX, NERINA 1 <sup>e</sup> : 18:00 2 <sup>e</sup> : 19:30 AMAMATIE, TIENIE LOUW SAAL 1 <sup>e</sup> : 19:30 2 <sup>e</sup> : 20:45 VICTORIA, WILGENHOF 1 <sup>e</sup> : 20:45 2 <sup>e</sup> : 22:00	31 July	<b>Street Soccer</b> Where: Neelsie Parking Lot Entries Close on 23 July Enter at the SRC Office
28 Julie	<b>Matie Wine Experience</b> Tyd: 12:30 Waar: Rooiplein		



**JY GAAN NOG JOU GAT SIEN** Die US-Dramadepartement se nuutste toneelstuk, *Woza Andries?*, was vanaf 20 tot 24 Julie op die HB Thomteater se planke. Van links is Johan Botha, Kelly-Eve Koopman en De Klerk Oelofse. Foto: ANDRÉ OLIVIER

## Woza Andries? boei en daag gehoor deurgaans uit 'n Donker blik op ons land

MELINDI DE KOCK

**W**oza Andries? – 'n studenteproduksie van die Universiteit Stellenbosch se Dramadepartement – slaag daarin om die politieke hede en verlede van ons land op kragtige wyse te verweef en uit te beeld.

Dié toneelstuk bied 'n blik op 'n distopiese Suid-Afrika kort ná Nelson Mandela se dood.

Die politieke satire wat in hierdie produksie sterk teenwoordig is, verskaf 'n kragdadige uitbeelding van gespanne rasseverhoudinge en van die kollektiewe psige van die nuwe Suid-Afrika.

*Woza Andries?* slaag daarin om hierdie kwessies vanaf die eerste oomblikke deur die gebruik van humor en ironie aan te raak.

Die uiters talentvolle regisseur Christiaan Olwagen het – in samewer-

ing met die dramaturg Robert Volker – die welbekende Suid-Afrikaanse stuk *Woza Albert!* (deur Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon) op 'n ewe boeiende wyse in *Woza Andries?* omskep.

Olwagen en Volker se produksie blyk 'n hoogs gesofistikeerde interteks met die bekende *Woza Albert!* te vorm.

Johan Botha, De Klerk Oelofse en Kelly-Eve Koopman (wat die hoofrolle vertolk) se toneelspel is baie oortuigend en hierdie drie akteurs vul mekaar ook baie goed op die verhoog aan.

Die gehoor word deurentyd amper in 'n tipe beswyming geplaas om hul aan die gruwel-realiteit van die ongeregtighede van ons land se verskeie status quo's te herinner.

Hierdie heersende tema word deur mimiek, sang, dans en visuele media uitgebeeld en aangespreek. Die skrapse verhoogdekor dra by tot

'n hipnotiese gevoel wat plek-plek 'n spanningselement tot gevolg het.

Die produksie se trefkrag daag die gehoor deurgaans op só 'n wyse uit dat jy nie anders kan as om werklik deur die gebeure geboei te word nie.

Hierdie fenomenale produksie skok die gehoor ook met deurgaande kru taal en bevat selfs 'n verkrachtings-toneel.

Nietemin dra dit by tot eerlike, rou en geniale kommentaar – iets wat die Suid-Afrikaanse teater tans broodnodig het.

Dié produksie wek ook vele teenstrydige emosies op.

Hoe dit ookal sy, word *Woza Andries?* baie sterk aanbeveel en is dit 'n moet vir almal.

*Woza Andries?* was vanaf 20 tot 24 Julie op die HB Thomteater se planke, en kan nog op 30 en 31 Julie in die Metodistekerkzaal (hoek van Milton- en Wesleystraat) in Observatory, Kaapstad gesien word.

## Vampires: yay or nay

Vampiere is 'n geruime tyd al 'n popkultuursensasie. Die Matie het besluit om die argumente teen en ten gunste van die vampierkoors teen mekaar op te weeg.

*Vampires have been something of a pop culture sensation in the past few years. Die Matie has decided to look at the cases for and against this craze.*



NICOLE SPETEMBER



MELT VAN DER SPUY

WHENEVER one mentions vampires, most people immediately think about *Twilight*. Our fascination with vampirism originated much earlier, though. Vampires have fascinated people from as early as 1819 and the fascination has just grown. So, if after seeing *Twilight* you think that all that glitters is not gold, read further and maybe you'll gain a deeper understanding of and maybe even some admiration for our darker counterparts.

Countless books were published before the *Twilight* saga, the most well-known being *The Vampire Chronicles* by Anne Rice. She focused on the human aspects of the vampire. One has to recognise, however, that *Twilight* has helped popularise the vampire and make it more mainstream. In short, *Twilight* has succeeded in making a once-taboo topic more popular than ever.

Vampires have been around for some time, so why does it seem as if we are only living the craze right now? Well, simply put, vampirism used to be a taboo subject, appealing only to those with an interest in the darker things in life. Vampires used to be seen as demons, killers and devoid of any human nature, but writers such as Anne Rice have succeeded in making vampires more human. The vampire is no longer a one-dimensional creature who preys on the blood of humans and kills with abandon. These vampires are intelligent, calculating beings who kill only for survival. Vampires are dark, interesting and mysterious.

Whether you're for vampirism or against it, you cannot disagree that these complex creatures are here to stay.

DIE *TWILIGHT*-sage: die epitoom van die hedendaagse samelewing se vampierobsessie. Die films wat op Stephanie Meyer se reeks boeke gebaseer is, het die wêreld op horings geneem en gemaak dat duisende onwillige mans ter wille van die voortbestaan van hul verhoudings deur hul meisies na die naaste bioskoop gesleep word. Hier is vir jou 'n paar redes waarom jy dit nie eers op halfprys-Dinsdag by Ster Kinekor moet gaan kyk nie.

Die karakterontwikkeling in beide die films en die boeke is so diep soos 'n plas water in die Sahara. Snokkop se eerste en tweede albums saam is meer oorspronklik as die *Twilight*-sage se storielyn.

Dit is nie net genoeg dat elke vampier vir ewig kan lewe nie, blykbaar kry hulle elkeen 'n superpower ook om by hul arsenaal van blink vel, skitterwit tande en ewig-durende insomnie te pas.

Die Volturi: Dfs blykbaar die ouens wat verseker dat die vampiere hulself gedra en nie hul bestaan aan die gewone mense bekendmaak nie. Hulle is heel duidelik net so effektief soos die US se Taalbeleid siende dat Bella konstant deur die katoolse ongediertes gejag word.

As jy enigins soos ek is, is dit vir jou net so traumaties om 'n *Twilight*-flik te kyk soos om jou eie toon af te kou.

'n Halfuur van die eerste film was vir my 'n oordosis en dus het ek al my inligting van 'n betroubare *Twilight* fan (jip, dis wat die *hard Twilight* fans hulself noem) gekry.

Baie dankie, Stephanie Meyer, dat jy iets so rock 'n' roll soos bloeddorstige, klipharde vampiere in 'n klomp glinsterende, liefdevolle feëttjies verander het.

## Jack Parow se album bied variasie

NIEL DE LA ROUVIERE

JACK Parow is hier. Suid-Afrika se enigste zef-romantiese Afrikaanse rapper weerklank al 'n geruime tyd oor *speakers* regoor Suid-Afrika.

Aanhaling van "Cooler As Ekke" is nou al deel van die meeste se zef-gangsta-woordeskat, maar Jack Parow se selfgetitelde album bring net nog soveel méér zef en dis sowaar vars.

Die meeste van die liedjies is deur Justin de Nobrega vervaardig, maar net soos met enige volwaardige rapper is die gaskunstenaars op die album volop: van Le-Roi Nel (Foto na Dans) tot Haezer. Die liedjies het almal hul eie trant maar elkeen het die tiperende Jack Parow-rap-styl.

Alhoewel die liedjies lekker *beats* het, interessante *samples* gebruik, en die vervaardiging puik is, is Jack Parow se lirieke die hoogtepunt: van die nostalgie in "I Miss", wat



ook 'n briljante refrein het, tot die brandewyn-aanbidding in "Ricky

Lou en Farmhouse Brekvis" wat jou ma vir die kinders van vandag sal laat begin bid.

Soos Jack Parow self sê, is dit "opsetend opvallend", maar tog het hy ook 'n dieper kant in "Tussen Stasies". Daar is al twee *singles* uit ("Cooler As Ekke" en "Dans Dans Dans"), maar hierdie album kan verseker nóg vier radiostasies toe stuur.

Jack Parow is – net soos Die Antwoord – nie vir almal nie en baie sal dit net nie "vang" nie. Om studente, veral Afrikaanse studente, te sien saamswaai op rap *beats* en te sien saamsing, vloekwoorde en al, is iets wat 'n paar jaar gelede ondenkbaar was.

Jack Parow se album, en die uitmuntende ontwerp van die cover, is verseker 'n wenner. As jy lus is vir 'n kuier, sal Jack Parow enige partytjie laat loop, maar op 'n rustige Sondagmiddag moet jy maar eerder na rock 'n' roll luister.

Die Jan Blohm Band speel op Vrydagaand 30 Julie en Saterdag 31 Julie by Die Boer in Durbanville. Kaartjies kos R100.

The Plastics will be launching their debut album *Shark* at The Assembly on Saturday 31 July. The noise starts at 21:00. Entrance costs R50.

The Orange Stilletos is op Saterdag 31 Julie om 18:00 by die Dorpstraattheater te sien. Kaartjies kos R80.

This year's Metal4Africa Winterfest takes place on Saturday 31 July at Klein Libertas. The doors open at 16:00 and tickets cost R70.

Die pianis Luis Magalhães is op Saterdag 31 Julie om 20:00 in die Endersaal te sien. Kaartjies

kos R65 en R85.

The Pinkertons, The Sleepers and Versus the Wolf will be rocking it out at Aandklas on Saturday 31 July at around 21:00. Entrance costs R30.

The Little Kings speel op Donderdag 5 Augustus om 20:00 in Bohemia.

The sixteenth annual OppiKoppi Festival will take place from Friday 6 August until Sunday 8 August. The line-up includes Billy Talent, Heuwels Fantasties, Jack Parow, New Holland, Taxi Violence and Zebra & Giraffe. Tickets are available at www.ticketbreak.co.za for R450.

Young Choon Park is op Saterdag 7 Augustus om 20:00 in die Endersaal te sien. Kaartjies kos R65 en R85.

# Plastics launch debut album *Shark* Rock with a bite

MELINDI DE KOCK

The Plastics – an indie-infused retro-rock band with a disco-punk sound that started out in late 2007 – is already a well-known musical act in the local music industry. This Cape Town-based band with its contagious and honest lyrics has already played at several huge music festivals such as Oppikoppi, Ramfest and Rocking as the Daisies. The band members are Pascal Righini (vocals and guitar), Sasha Righini (drums), Karl Rohloff (bass) and Arjuna Kohlstock (lead guitar).

**First things first: Who are The Plastics?**

Four dudes who love writing music and jamming and are on the age-old quest for the perfect song.

**How would you describe your band in three words?**

Drums, guitars, vocals.

**Could you tell us more about your debut album *Shark*?**

We recorded it in January 2010 with Gordon Raphael (producer of The Strokes, Regina Spektor, Skin etc.) at Sound and Motion studios. It's been a process of about a year, from writing the songs to getting them mastered and we've gone through countless songs.

We probably could have had enough material – had we finished all of our ideas – to make a triple album, but we've narrowed it down to the best twelve.

We feel as if it's a big step up from our previous releases in the variety of songs we've written and some of the instrumentation: Gordon created a whole synth collage for "Caves", we used more acoustic guitars for textures, a bit of percussion and the guitarists got brand new pedals. So expect some crazy sounds!

Sound and Motion was the perfect environment for us to work in: comfortable, a great facility with top equipment and experienced, knowledgeable engineers who are into rock music.

**How would you describe your sound?**

Indie-infused retro rock.

**What are the lyrics all about? Any specific message you guys want to send out?**

Nothing specific really. The lyrics are open to interpretation.

**What is a typical band mission on any given day?**

On a day that we play a live gig, it normally goes like this: sound check, gig, party.

**Are there any international acts that you would like to go**



**JAWS!** Retro rockers The Plastics will be launching their debut album *Shark* at The Assembly in Cape Town on Saturday 31 July.

Photo: IAN ENGELBRECHT

**on tour with?**

The Wombats, The Drums, Justice and NOFX.

**Do you have rituals before going on stage?**

Sash reminds us that we're all one brain (musically, of course). Karl stretches his long limbs. Juki slams back a tofu and humus sandwich. Scal sings 'Who's that Lady' by The Isley Brothers.

**What do you want to achieve with your music?**

We want to be able to go on

long world tours and play the major festivals around the world to give us the platform to share our music with the world. It would be awesome to meet all the musicians and bands we look up to and pick their brains.

**What makes you happy?**

Playing to a venue full of dancing, happy people, locking into a funky jam and being in the recording studio.

**Do you have any plans for an upcoming tour?**

We have plans in place to tour the

country to try spreading our album countrywide. We haven't been on tour in a while so it will be cool to play to familiar and new faces again.

**Do you have any famous last words?**

See you at The Assembly on 31 July! We've got some awesome bands (Captain Stu and Holiday Murray) and DJs (Haasbroek and Lapse) supporting us so [we're] looking forward to a big party!

Check out our first single "Caves" on our Facebook page for a taste of what's to come.



**PIANO MAN** Jazz pianist Paul Hanmer is one of South Africa's most acclaimed musical talents. He performed at the Endler Hall on 2 June.  
Photo: KATRIEN KUSMIERZ

## Famous jazz pianist performs in Endler

ROBERT KADEN

CELEBRATED jazz pianist Paul Hanmer performed in Stellenbosch University's Endler Hall on 5 June. This internationally-acclaimed South African musician has gained widespread acclaim for his African-flavoured compositions. *Die Matie* had the opportunity to ask him a few questions.

**You became interested in music at a young age and started out by playing classical piano. When and how did your interest shift towards jazz piano?**

In 1978, a friend introduced me to Herbie Hancock's album "Sunlight" and Chick Corea's "Light as a Feather" – the shift started then.

**Which artists or musicians have influenced your music the most?**

Those who showed their faith in me. They influenced my music by

showing interest in it and wanting to perform it with me. Amongst their number are Ian Herman, Barry van Zyl, Kevin Gibson, Louis Mhlanga, McCoy Mrubata, Pete Sklair, Andre Abrahamse, Robert Pickup, Marc Uys, Khanya Ceza.

**You frequently collaborate with other artists like Hugh Masekela, Waddy Jones and the late Miriam Makeba. Do you prefer collaborations with other musicians and why?**

I have performed once with the late Miriam Makeba and was also fortunate enough to be called on to perform some tracks on her album *Welela*.

I did one gig with Hugh Masekela in 1994. The collaborations I should mention are the ones that have meant the most over the past 20 years or so.

The primary collaboration is with McCoy Mrubata. If Ian Herman were in the country I would certainly do stuff with him, but I work regularly with Pete Sklair, Kevin Gibson, Bernjce Boikanyo, Andre Abrahamse, Eva

Astrom-Rune (Sweden) and Wendy Oldfield, among others.

**You recently performed in the Endler Hall at Stellenbosch University. Could you tell us a bit about that experience?**

It was great – I enjoyed playing such a wonderfully set-up and tuned instrument in such a beautiful acoustic. It would be great to record something in that room at some stage.

**Do you have any advice to students who want to make it big in the industry?**

Advice – very simple: follow the ten commandments. Young musicians would probably find that some very simple things are very important: like hard work, good manners, respect and honesty – just for starters.

I don't think anyone could go wrong with these as their foundation, although making it "big" may not even be up to the artist as an individual, but probably involves decisions made elsewhere.

# PEPFAR Fellowship Programme APPLY NOW!

The President's Emergency Plan for AIDS Relief (PEPFAR) Fellowship Programme offers an exciting opportunity for masters' level students and graduates to be placed with HIV and AIDS service organizations (PEPFAR Partners) within South Africa.

**PROGRAMME OBJECTIVES**

- To support the expansion of access to comprehensive HIV and AIDS care in South Africa through the advancement of human capacity development.
- To promote the application of postgraduate learning in the practical HIV and AIDS service environment.
- To provide technical assistance to PEPFAR implementing partners

Salaried positions available through-out South Africa with a focus on scarce skills such as:

- Monitoring and evaluation
- Project management
- HMIS development and support including IT
- Clinical posts related to HIV prevention, ARV treatment and TB patient management
- Psycho-social assessment tool development
- HIV in the workplace programme implementation
- HIV prevention integration and orphans & vulnerable children (OVC) support services

**For more information please contact:**

Dr Anna-Marie Radloff  
 HOD: PEPFAR Fellowship Programme  
 Tel: +27 12 816 9000 / 9088  
 Fax: +27 086 567 0209  
 E-mail: fellowship@foundation.co.za

Or visit our website for your online application:  
[www.fellowship.foundation.co.za](http://www.fellowship.foundation.co.za)

Funded by: Coordinated by:

PEPFAR was made possible through support provided by the US Agency for International Development/South Africa under the terms of Award No 674-A-00-04-00025-00015-00.

# 'n VanFokKingTastiese gig



**HARDE ROCK VIR OULAAS** Die epiese VanFokKingTasties-vaarweltoer het op Vrydag 23 Julie en Saterdag 24 Julie by die Van Der Stel Sportgronde plaasgevind. Bo links is Wynand Myburgh, bo regs is Francois van Coke en onder regs is Pierre Greeff van Die Heuwels Fantasties.

Foto's: JOHANN SWART



## MELT VAN DER SPUY

Dis omtrent 'n jaar sedert Van Coke Kartel, Fokopolisiekar, aKing en Die Heuwels Fantasties ons vir die eerste keer in die Stellenbosse Stadsaal vir vier ure aaneen op ons voete gehou het, en nou het hulle besluit om ons vir twee aande in 'n ry weer met hul *presence* te *grace* vir die *kick-off* van die VanFokKingTasties-vaarweltoer.

Heuwels het die aand met "Oorlewing 101" begin en hordes hoërskoolmeisies het dadelik hul sigarette weggegooi, hul Fantas net so by die koeldrankman se stalletjie gelos en die saal bestorm. Die Heuwels se *live* optredes is al vantevore baie deur

'n kombinasie van swak klank en Pierre Greeff se onvermoë om op noot te bly, gekniehalter. Die klank was egter vir 'n slag glad nie sleg nie en, so ver ek kon hoor, het Greeff die mas opgekom.

Met die wegsterf van die laaste klanke van "Pille vir Kersfees" het Van Coke Kartel die verhoog betree en die *moshende* massa met 'n *set* wat hul ou en nuwe klanke laat saamsmelt het, bederf.

Hul nuwe musiekvideo's op MK, "Maniac" en die Koos Doep cover "Skadu's teen die muur", blyk die Kartel (*die-hard* VCK-ondersteuners) se nuwe gunsteling te wees.

Dit was die eerste keer wat ek aKing sien speel het nadat Hunter Kennedy die groep as gevolg van sy

besige skedule verlaat het. Andrew Davenport van Thieve (en voorheen ook Ashtray Electric) is die man wat Kennedy se skoene moes volstaan.

Wees verseker: Die kerele klink nog steeds dieselfde en Davenport se gelaatstrekke het my steeds 'n paar keer laat dink dat Kennedy wel op die verhoog was.

Oudergewoonte het Fokopolisiekar die aand tot volmaaktheid gedwing.

Die hoërskoolmeisies het nou maar besluit om hul plekke agter in die saal in te neem om vir die manne (wat saamskree, *mosh* en die konsep van self-vernietiging heel duidelik ter harte neem) plek te maak.

Jy was nog nooit by 'n *gig* tot jy by 'n Fokopolisiekar-*gig* was nie. Daar is

bloot geen woorde om die kombinasie van die gees van die fans, die *band* se *stage presence*, die klank en beligting, Francois se *crowd-surfing abilities* en Wynand Myburgh se manewales met sy baskitaar in die hand te beskryf nie.

Net daar het ek beseft dat VanFokKingTasties 'n gevoel by ons tuisgebring het wat ons vir jare nie sal kan verduidelik nie. Ten spyte van die duisende mense wat om jou op-en-afspring, voel jy nog steeds asof jy die enigste een is vir wie die woorde sin maak, vir wie die woorde neergepen is.

Laudo Liebenberg, Francois van Coke en Pierre Greeff het by ons alledaagse name geraak.

Ons ken hulle, die stemme wat

ons diepste, ongekende, emosies verwoord.

Hoekom moet ons hierdie wonderlike kombinasie vaarwel toeroep? Wynand Myburgh som dit in een sin op: "Dit was cool vir verlede jaar, cool vir vanjaar, maar dis tyd vir iets anders."

Só kom ons aan die einde van die VanFokKingTasties-sage en ons harte bloei. Van nou af sal ons weer die manne individueel moet gaan ondersteun soos ons al die jare nog gemaak het.

Die euforie van vier van die bestes in die Suid-Afrikaanse musiekindustrie op een aand, op een verhoog sal ons nog lank bybly. Kom ons hoop maar net vir 'n *reunion-tour* een van die dae.



FEEL AT HOME WHEN YOU BUY ONLINE.

Shop at [vanschaik.com](http://vanschaik.com) and stand a chance to WIN one of four SONY BRAVIA 32" LCD televisions

Competition ends 31 August 2010

V A N TAKING YOU PLACES  
S C H A I K  
B O O K S T O R E

## Bun se stories nog lank nie op

**“Die voordeel van ’n koerant is dat jy môre weer ’n kans kry. As iets nie vandag gewerk het nie, kan jy dit binne vier-en-twintig uur regstel.”**



Foto's: MYRTLE TH

### KWYTRAAK

Deonette Theart

Met ons aankoms by die Media24-gebou in die hartjie van die Moederstad is dit duidelik dat hier gewêrk word. Oral wemel dit van die joernaliste en verslaggewers wat besig is om hul artikels en berigte reg te kry. Voordat ek en Bun Booyens, nuwe redakteur van *Die Burger*, rustig in sy kantoor gesels, word ons ook deel van 'n vergadering met lede van die nuusredaksie, waar daar onder meer oor die verskil tussen “leerder”, “leerling” en “skolier” geargumenteer word.

### Grootwordjare

Bun Booyens se geval is beslis een van aartjie na sy vaartjie. Prof Bun Booyens was 'n welbekende geskiedkundige en skrywer en baie jare inwonende hoof van Eendrag-manskoshuis. Dít is dan ook waar Bun vanaf vyfjarige ouderdom sy kinderjare deurgebring het. Hier het hy van die mag van die woord bewus geword.

“Ek glo in die krag van stories. Solank mense stories lewendig hou, lewe mense. Stories is die mens se manier om die wêreld te interpreteer.”

In Eendrag het hy van kleins af elke middag in die vierkant tydens die Eendrag-inwoners se tradisionele teekan die wonder van storievertel ervaar.

Bun se liefde vir die geskrewe woord kom

ook al 'n lang pad. “Ek het altyd vir ons skoolkoerant geskryf en as student was ek betrokke by die koshuiskoerant sowel as by *Die Mattie*, maar aanvanklik eintlik as fotograaf. My belangstelling in die visuele het nog altyd my woordvaardigheid getroef. My tydgenote op kampus onthou my as die ou wat altyd met 'n kamera rondgeloopt het.” Tog het Bun besluit dat die skryfwêreld sy roeping is deur joernalistiek te studeer, juis omdat hy besef het dat daar stories is wat vertel moet word.

### Vóór *Die Burger*

Bun het in sy Honneursjaar die Goue Pen-toekening vir die beste skrywer van die 1986-klas gewen, en in 2000 het hy boonop sy MPhil Joernalistiekgraad cum laude geslaag.

Bun vertel dat hy sy klasgeeare by Maties se Joernalistiekdepartement baie mis.

“Ek moet erken dat ek dit merendeels vir selfsugtige redes mis. Ek was in die gelukkige posisie dat ek talent in die klaskamer kon identifiseer en hulle deel van my werksplan kon maak. Studente is uiters skeppend en laat jou nie vir een oomblik in jou eie waardestelsel met rus nie.”

En van sy ander belangrike bydraes tot die joernalistieke veld voordat hy *Die Burger* se redakteurspos begin beklee het, was as stigtersredakteur van *Weg*-tydskrif. “Ek het 'n groot passie vir reis, omdat reis 'n ongelooflike belangrike aspek is ten einde jou siening te verbreed. Ek het nog nooit 'n verkrampte persoon teëgekom wat ook 'n reisiger is nie. Mense wat nie reis nie, is dikwels diegene wat bloot in hul erf sit en in hul *vibracrete*-muur vaskyk en dan begin verbeel

hulle hulself die wêreld is teen hulle gedraai.”

As booring van die Klein Karoo bly hierdie streek steeds sy gunsteling-reisbestemming.

“Elke keer as ek daardie wêreld binnery, word ek ontroer. Enige grondafdraaipad fassineer my ook altyd!”

### Koerantredakteur

Bun is nou al ongeveer twee maande redakteur van *Die Burger*, wat Wes-Kapenaars al sedert 1915 op hoogte van sake hou. Die koerantproses is al 'n goedgeoliede masjien en hy verduidelik gretig hoe die verk in die hef steek: “Daar is 'n oggend- en 'n aandspan. Om nege-uur in die oggend vergader die nuusredaksie waar ons die vorige dag se koerant met die joernaliste deurgesels.

“Later die oggend bespreek die hoofredaksie die moontlike inhoud van die volgende dag se koerant. Drie-uur die middag vergader ons weer om die vordering te meet. Half vyf kom die aandspan in en word hulle deur die oggendspan ingelig oor wat nog gedoen moet word, en dan wat die aandspan die proses verder.”

Hy sê ook dat die koerant van binne na buite volgemaak word en dat die hoofberig selfs laat in die aand nog kan verander. “'n Mens kom op 'n punt waar jy besluit wat die hoofberig is... Tensy iets belangriker natuurlik later gebeur. 'n Mens weet nooit,” vertel hy entoesiasies met behulp van sy kenmerkende handgebare.

Dit is duidelik dat die redakteur 'n onmisbare figuur is. “'n Koerant is 'n pragtige demokrasie vir drie-en-twintig uur van die dag. En dan vir die vier-en-twintigste uur is dit 'n redelik outo-

kratiese instelling,” verduidelik Bun sy laaste sê in die proses.

“Die voordeel van 'n koerant is dat jy môre weer 'n kans kry. As iets nie vandag gewerk het nie, kan jy dit binne vier-en-twintig uur regstel,” sê hy met 'n glimlag.

Bun vertel dat sy besluite dikwels 'n raaiskoot is. “Jy weet nooit of jy reg of verkeerd is nie, maar gelukkig is daar nog kanse om die foute te herstel.” Dit beteken beslis nie dat hy nie krities aangaande die koerant is nie. “Joernalistiek is uiteraard 'n kritiese beroep. Kritiek moet net nooit persoonlik gegee of ontvang word nie. Dit gaan oor die beginsels agter die kritiek. Aan die ander kant moet 'n mens natuurlik ook altyd onthou om lof te gee waar dit toekom.”

Oor demokrasie en spanwerk binne die koerantwese voel Bun baie sterk, maar dit beteken nie dat die bestuurstaak aldag maklik is nie.

“Joernaliste het 'n reputasie dat hulle van die moeilikste mense is om te bestuur. Dit is mense wat eiesinnig en skepties is. Hulle staan as't ware op die grens van kunssinnig wees. As ek 'n joernalis kry wat maklik is om te bestuur, sal ek effens verdag en bekommerd wees,” sê hy.

Bun vertel grappig dat die vergaderings soms soos 'n bokskryt voel omdat sy medewerkers nie skroom om hom van tyd tot tyd aan te vat nie, wat beteken dat hy soms sy voet ferm moet neersit.

“Maar op 'n ligter noot: joernaliste is nie komplekse organismes nie – hulle is eintlik heel maklik verstaanbaar.” Bun is ook 'n man wat weet wat hy uit die lewe wil hê. 'n Man wat sal

## Dit is weer tyd om jou kruisie te trek

### STUDENTEFORUM

Brandon Como en Crystal McIntosh

Once again it's that time of the year when large posters with faces on them appear all over campus and corny candidate slogans scream “vote for me”. Who are the SRC? What do they do? Why should we vote for them?

It's not easy to define the role of the SRC. We know that without them there would be no ser, no sport, no Jool and, well, not much campus fun. But essentially, the SRC are representatives: leaders on campus. They take the opinions of the average student into the offices of university management, they make decisions when students have problems, and they have the big picture in mind. They sit in long meetings, important and (occasionally) trivial. Their presence makes all the difference to a student allowed back on campus after receiving a letter from the Hertoelatingskomitee and means the difference between a student taking a shuttle to the station instead of walking.

They have clout. It is rather important, therefore, that we choose SRC members who are smart, motivated and passionate about students.

Nominations are now open for the SRC of 2011. The voting process is relatively simple. All candidates appear at a number of caucuses and then campus votes for the top ten candidates. The SRC consists of ex-officio members who are elected by their respective councils, such as the chairperson of the Societies Council, and the top ten candidates for the public voting.

Terwyl ons vra wie die SR is, het die SR begin vrae vra oor wat hul kernfunksie behoort te wees. Die SR se rol het oor die jare verander. In die verlede was die SR funksie-gedrewe, maar tans fokus die SR daaraan om aan sy kernfunksie as verteenwoordigende liggaam te werk. Die reël van funksies is nodig, maar SR-lede word soms lamgelê deur al die tyd en beplanning wat daarin gaan. Dit is as gevolg hiervan dat die SR nou die kopskuif begin maak het om meer op hul verteenwoordigende rol te fokus.

Stellenbosch se Studenteraad word ook soms baie met ander Studenterade in die land vergelyk. Tans is die SR nie met enige politieke partye geaffilieer nie. Dit is vir sommige studente en SR-

lede van ander kampsusse 'n vreemde verskynsel, maar in werklikheid het Stellenbosch een van die beste SR-modelle. Dit is nie sonder foute nie, maar tog effektief. Wat die US se SR-model so effektief maak, is die feit dat die SR direk student se belange verteenwoordig. Aangesien die SR studente se belange direk verteenwoordig, vind dienslewering meer effektief plaas. In gevalle waar studente deur 'n politieke party verkies word, moet hulle gedurig die mandaat van die politieke party eerste stel (en studente-belange dus tweede). By die US word studente se belange ten alle tye eerste gestel.

As studente onderskat ons die potensiaal wat die verenigingsraad en die Primkomitee inhou. Hulle vertolk, tesame met die ander addisionele SR-verteenwoordigers, die rol wat tradisionele studente-organisasies en politieke groepe by ander universiteite vertolk. Om ten opsigte van sekere beleidskwesties as drukgroepe op te tree is veral iets waarna die VR moet streef.

Hierdie jaar plaas ons as stembuskonvenors baie klem op verteenwoordiging. Ons het ook 'n veldtog geloods waar studente aan ons kenmerke van hul ideale leier gestuur het. Ons het begin met die “ideale leierskapsveltoeg” deur studente

se opinies te vra. Dié opinies het ons gebruik om 'n skelet van kampus se ideale leier op te stel en dan die studente uit te daag om persone wat hierdie kenmerke het, te nomineer. Hierdeur wil ons medestudente leer om verantwoordelikheid te neem vir die tipe leiers wat ons wil hê, sodat ons besef die tipe leiers wat ons kies is die leiers wat ons gaan moet verteenwoordig. Because we choose the type of leaders we deserve...

You are important in this process. It's up to you to make sure that your interests are represented by the best candidates. So make sure to vote for your ideal leader.

– Como is 'n nagraadse Internasionale Studies-student, en McIntosh 'n nagraadse LLB-student. Hulle is 2010 se SR-verkiesingskonvenors.

Die mehings in hierdie rubriek is nie noodwendig dié van die koerant, die redakteur of enige lid van die redaksie nie. | The opinions expressed in this column are not necessarily those of this newspaper, its editor, or any member of its staff.

# redaksioneel

'n Kopskuif ter wille van hoop

Menige student het verlede week (voor die amptelike bekendstelling), toe die HOOP-baniere op kampus begin verskyn het, gevra of dit die nuutste geld-morskema van die universiteit is. Hoeveel van die studente wat hierdie vraag vra was by die bekendstelling of het die media gevolg om uit te vind waaroor hierdie projek gaan?

Selfs nadat studente meer te wete gekom het oor die HOOP-Projek en MatieHoop, weet hulle hoe dit hulle vandag raak en wat hulle kan doen om 'n bydrae te maak?

Vrydag by die bekendstelling van MatieHoop het iemand my gevra of ek dink MatieHoop en die HOOP-Projek geslaagd sal wees. Net tyd sal ons die antwoord kan leer.

Maar wat is nodig om sukses te verseker? Na my mening is die belangrikste dat daar 'n kopskuif gemaak word. Die

massas moet ingelig word en dit sluit ook diegene in wat nie by die bekendstellings was nie. Dié inisiatiewe moet ook na hulle geneem word: hulle moet verstaan waaroor dit gaan. Sodat hulle ook (eendag) 'n bydrae kan maak.

'n Neiging van baie studente is om nie in sulke projekte belang te stel as dit nie 'n onmiddellike voordeel vir hulle inhou nie. Juis daarom is 'n kopskuif belangrik, want die HOOP-Projek is nie daar om onmiddellik 'n groot resultaat te lewer vir die student wat vandag op kampus rondloop nie.

Alhoewel die HOOP-Projek daar is om R1,75 miljoen oor tien jaar in te samel, kan dit eerder gesien word as 'n projek sonder einde. Daar kan altyd na die vyf doelwitte van die HOOP-Projek gestreef word – ek twyfel of die projek ooit 'n verval-datum sal hê.

Dit is eerder 'n idee/gedagte wat ingewoef moet word by ons alledaagse kampus- en akademiese aktiwiteite, om beter omstandighede vir almal te skep.

Dit is daardie tyd van die jaar wat nuwe kampusleiers verkies word en my vraag is wat hulle gaan doen om die idee van hoop op kampus te kweek.

*\*Die Matie* word op 1 Augustus 69 jaar oud. Ons vier dus amper sewe dekades waarin *Die Matie* studente krities ingelig gehou het, as waghond gedien het, grense verskuif het en waarin *Die Matie* hom beywer het vir deursigtigheid, regverdigheid en demokrasie. Baie dankie aan al ons lesers, medewerkers en adverteerders wat *Die Matie* al vir soveel jare getrou ondersteun. Mag die fakkel van vryheid en geregtigheid vir ewig brand.

## BRIEWE LETTERS

### Verkeer(d)!

Ek besef deesdae al hoe meer dat dwase studente met karre 'n behoorlike hoofpyn vir Stellenbosch se inwoners is. Wat my die afgelope ruk rêrig grensloos begin irriter het, is mede-studente se onkunde aangaande die konsep van 'n verkeerskruis.

Dis dooenevondig so: gee toe aan regs-komende verkeer. **ALTYD!**

Maar dit blyk dat daar steeds mense op tersiële opvoedkundige vlak is wat nie hierdie eenvoudige begrip begryp nie. My waarneming sê vir my dit is veral karre van die Vrystaat, Gauteng en Kwazulu-Natal wat skuldig is. Met ander woorde: indringers.

Dit maak sin. In die Vrystaat is daar nie rêrig paaie nie. Gauteng het mos nie padreëls nie. En Natal... Ag wel... Hulle verstaan ons Kapenaars eenvoudig nie. Vir hulle gaan ek maar gebruik maak van die T-Opis in hierdie brief: You Natal people, when you encounter the phenomenon known as a traffic circle, please get it into your heads: traffic from the right has right of way.

Nole.

As jy hier wil woon, gehoorsaam die padreëls asseblief.

Ek verstaan dat jy dalk net wil nice wees teenoor jou medemens, maar jou vriendelikheid het soms nare gevolge. Om die reëls van 'n verkeerskruis te minag verwar ander motorbestuurders, veroorsaak verkeersopeenhopings (veral vir diegene agter jou) en bied goeie geleentheid vir "fender benders" om te gebeur. Natuurlik dink ander motoriste jy's 'n dom vark wat nie 'n lisensie behoort te hê nie.

'n Verkeerskruis is juis op die konsep van verkeersvloei gebaseer. Dit is nie 'n stopstraat nie. Andersins sou God al lankal 'n stop-teken laat oprig het.

So hou op nice wees, en gehoorsaam die donnerse padreëls!

Asseblief.

– REGTE MOTOR-MATIE

### What class?

A few weeks ago *Die Matie* published an article on the vast amounts of first years skipping class. Many factors were identified as the cause of this, but I would like to add one that was overlooked: timetables.

A Maties first-timer myself, I feel that not enough flexibility is awarded to first year timetables, as is done at other Universities.

We all know there is a shortage of accommodation for first years, and many students have to commute each day, myself included. It is thus, for example, very inconvenient to have one class at 09:00, only to be stuck on campus for 5 hours awaiting your next and final class. Honestly – there is only so much one can do on campus. We therefore easily elect to skip those late afternoon classes, and avoid being stuck in traffic for an extra hour. If timetables were more flexible, allowing first years to choose lecture times from a list of available ones, this problem could easily be solved. No more pointless 1 to 2-hour intervals between each of my Monday classes would mean getting more work done in the afternoon.

### KLAGTEPROSEDURE EN FOURTRAPPERING

Indien enige leser 'n klagte het dat *Die Matie* nie op 'n ewewigtige, eerlike en objektiewe wyse rapporteer nie, of dink dat menings uitgespreek in *Die Matie* nie godsdienslike en kulturele sake met omsigtigheid hanteer nie, kan 'n klag by die SR-lid vir Media gelê word. *Die Matie* is onderhewig aan 'n gedragskode wat by die SR-lid vir Media beskikbaar is. Alle klagtes word deur 'n regsdosent ondersoek, waarna *Die Matie* voor die Mediaraad kan verskyn. Klagtes moet ingevolge die Mediareglement binne tien werksdae ná publikasie aanhangig gemaak word.



We would have the choice between attending the morning or afternoon classes, and therefore be able to manage our time better. As many first-time first year students complain about the workload (we all know the school system does not prepare us for this) does it not make sense not to tire us out with days that simply drag on?

A flexible timetable would have many advantages: better class attendance (you get to pick times you prefer – we can't all be morning people), longer periods of time to work on assignments, less panic over missed classes or clashes and rest for the hard-working lecturer's soul.

Perhaps forcing this responsibility on first-years would prevent the emergence of those poor, lost souls who only realise they have a certain subject in the middle of week 9...

– ANNOYED FIRST YEAR

### Welgedaan!

As deel van my nagraadse studies, wat reis en navorsing by ander Suid-Afrikaanse universiteite noodsaak, is ek die geleentheid gegun om die afgelope maand ander studentekoerante onder oë te neem.

En die enkele groot indruk wat hulle gelaat het? Absolute onleesbare twak. (Ek sou dit duideliker kon sê, maar is dit sou waarskynlik gesensor word.) Ek noem en doem graag die oortreders: Kovesies se *IRAWA*, Tukkies se *Perdeby*, en Ikeys se *Varsity*.

Ek het so trots gevoel toe ek ons eie *Die Matie* met ander instellings se powere pogings tot koerantwese vergelyk. As universiteite gemeet kon word volgens studente se ywer in hierdie veld, sou Stellenbosch verseker bo eindig.


*Die Matie* se uitleg is skoon en professioneel; taalgebruik (of redigering) is van uitstekende gehalte; foto's en grafika is van beter kwaliteit as by baie ander kommersiële koerante. Ek sing julle lof vir 'n uiters professionele, goed-saamgestelde koerant.

'n Mens hoef maar net te loer na die lys name van vorige redakteurs – soos Etienne van Heerden, Koos Bekker en Frits Gaum – om te besef dat *Die Matie* geen klein koerantjie is nie. Welgedaan!

– JOHAN VAN DER MERWE

Briewe mag nie langer as 400 woorde wees nie en moet teen die Vrydag voor elke uitgawe aan [briewe@diematie.sun.ac.za](mailto:briewe@diematie.sun.ac.za) gestuur word. Skrywers se regte name moet alle briewe vergezel, selfs dié wat onder skuilname geplaas word. Geen handgeskrewe briewe sal geplaas word nie.

Letters should not be longer than 400 words and must be sent to [briewe@diematie.sun.ac.za](mailto:briewe@diematie.sun.ac.za) by the Friday before the next edition. Writers' real names must accompany all letters, even those published under a pseudonym. No hand-written letters will be published.



**MOUNT DOOM** Many students have expressed annoyance at the uncomfortable proportions of the new RGA printers, and claim that they cannot easily reach the top to swipe their student cards in order to print documents.

### HOOFREDAKSIE

**HOOFREDAKTEUR** Annelize Kloppers ([redakteur@diematie.sun.ac.za](mailto:redakteur@diematie.sun.ac.za))

**ADJUNKREDAKTEURS** Marietjie Vos ([inhoud@diematie.sun.ac.za](mailto:inhoud@diematie.sun.ac.za)), Roann Louw ([grafika@diematie.sun.ac.za](mailto:grafika@diematie.sun.ac.za))

**NIJES** Anthea Hartzberg ([nuus@diematie.sun.ac.za](mailto:nuus@diematie.sun.ac.za))

**AKTUEEL** Anika Marais ([aktueel@diematie.sun.ac.za](mailto:aktueel@diematie.sun.ac.za)) **DAG EN NAG** Robert Kaden ([dn@diematie.sun.ac.za](mailto:dn@diematie.sun.ac.za))

**STUDENTELEWE** Joey Volschenk ([sl@diematie.sun.ac.za](mailto:sl@diematie.sun.ac.za)) **SPORT** Mia Smit ([sport@diematie.sun.ac.za](mailto:sport@diematie.sun.ac.za))

**TEKS** Vakant ([teks@diematie.sun.ac.za](mailto:teks@diematie.sun.ac.za)) **FOTO** Johann Swart ([foto@diematie.sun.ac.za](mailto:foto@diematie.sun.ac.za))

**ADVERTENSIES** Wilhelm Walsler ([ads@diematie.sun.ac.za](mailto:ads@diematie.sun.ac.za))

**REKENAAR** Simon de la Rouviere ([it@diematie.sun.ac.za](mailto:it@diematie.sun.ac.za))

### MEDEWERKERS

**KWYTRAAK** Deonette Theart ([kwytraak@diematie.sun.ac.za](mailto:kwytraak@diematie.sun.ac.za)) **CARBON COPY** Ryan Hartley ([carboncopy@diematie.sun.ac.za](mailto:carboncopy@diematie.sun.ac.za)) **OP RAKA SE SPOOR** Brigitte Botha ([briewe@diematie.sun.ac.za](mailto:briewe@diematie.sun.ac.za)) **SPOTPRENT** Vakant ([spotprent@diematie.sun.ac.za](mailto:spotprent@diematie.sun.ac.za)) **ADDISIONELE GRAFIKA** [www.sxc.hu](http://www.sxc.hu) **TEKS** Lizl Morden en Madelè du Plessis

### STEL JY BELANG?

As jy as joernalis, taalversorger, grafiese ontwerper, advertensiewerwer, fotograaf of rekenaarassistent betrokke wil raak, wou gerus 'n redaksievergadering by op die Woensdag waarop *Die Matie* verskyn. Ons vergader om 18:30 in ons kantoor op die eerste verdieping van die Neelsie.

TEL 021 808 3539 FAKS 021 808 3538 E-POS [diematie@diematie.sun.ac.za](mailto:diematie@diematie.sun.ac.za)

POSADRES Langenhoven Studentesentrum, Privaatsak X1, Universiteit Stellenbosch, Matieland, 7602

WEBADRES [www.sun.ac.za/diematie](http://www.sun.ac.za/diematie) OPLAAG 8 000

VOLGENDE UITGAWE 11 Augustus 2010 SPERDATUM 4 Augustus 2010

ADVERTENSIES 084 357 8979

*Die Matie* subscribes to the South African Press Code that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balanced. If we don't live up to the code, please contact the Press Ombudsman at 011 788 4837. You may also lodge an internal complaint or report factual errors by contacting the SRC member for Media and following the procedure explained on the left.

Press  
Council



# Perspektiewe & dinge

## Wave your flag, stay alert and feel it – it is here



CARBON COPY

Ah, you can almost smell the party atmosphere: the third term is here, the term of huisdanse and ser, the "Party Term." We've returned from an extensive holiday with a holiday spirit still intact and a desire to reconnect with our university compatriots. And what a fantastic holiday it was for the sportingly inclined among us: there were 3-day tennis matches, Formula One races with flying Australians and results in the greatest sporting event in the world being predicted by a psychic octopus. The FIFA World Cup was, of course, an astounding success leaving foreigners surprised (and morbidly disappointed) at the lack of wild-animal related deaths during the 64-match tournament. Back on South African soil, the nay-sayers were proven wrong and forced to eat their nays in the white wine and truffle sauce of success. For those of us caught up in the emotion of the event it was an unforgettable time where we could cast off the shackles of our ultimately meaningless lives and envelop ourselves in the pageantry and excitement of 22 men kicking a ball around a field. We laughed, we cried, we made jokes about vuvuzelas and now all that's left for us to do is to clean up the mess after all the guests have gone home, like the hosts of the world's biggest house party. We've bid all the foreigners friendly farewells as they left with memories of our vibrant land that welcomed them with open arms, unless they were from other African countries in which case we bid them rather sterner farewells with the subtle insinuation that should they choose to remain in

our vibrant and welcoming land to set up some sort of informal store we would most definitely not be patronising the aforementioned stores, unless by "patronise" you mean "burn down", in which case we will. Now all that's left of our World Cup dream are 10 state of the art stadiums scattered throughout the country and nothing to put in them. I had hoped we could follow the example of the Romans, filling our stadia with water in order to house epic sea battles. Those Romans sure knew how to host a sporting event. I bet they wouldn't have put together a lame,

**I'm just saying that Adolf Hitler used flags and inspiring speeches and that we should always remain alert**

slide-show oriented closing ceremony. I know a lot of people were excited about Nelson Mandela showing up in his little Russian hat to spread his "Madiba Magic", but I'm afraid I can't support what was so obviously a cynical ploy by the former president to promote his self-congratulatory "Mandela Day." It was just another shameful example of an aging star, past his prime and desperate to cling to the limelight.

After bearing witness to the greatest sporting event that anyone in the history of the World has ever had the privilege to observe, you may be let down by the sheer mundanity\* of a life where the populous is not continuously in a state of hysterical joy and where only occasionally will someone blow on an incredibly loud instrument in your face. Taking advantage of this excitement lacuna, Stellenbosch University has embarked on a programme of flags, festivities,

prominent public speakers, soaring rhetoric, live streaming video and giant posters of an assortment of people looking hopeful. We are being exhorted, encouraged, enlightened and urged to take part in the glorious technicolour dawn of a new future, one where your university fees may be slightly higher due to excessive printing costs. It's a display of pseudo-nationalist fervour so strong that I wouldn't be surprised to see the faculty goose-stepping down Victoria Street. Now just to clear things up so that I don't get into immense amounts of trouble, I'm not saying that Stellenbosch University and its current drive to inspire the minds of its students is anything at all ideologically, structurally or realistically like the totalitarian regime erected under Nazi Germany during the 1930s which led to the world being plunged into its most bloody conflict and the deaths of over 60 million people; I'm just saying that Adolf Hitler used flags and inspiring speeches and that we should always remain alert.

One thing that Nazi Germany would probably not have organized is the giant make out session that is the Soen in die Laan which, despite being held in the middle of Swine Flu season last year, still managed to attract a crowd. This is of course part of Matieweek, a joyous celebration of being Matie more widely known to students in residence as "That Time We All Have to Go to Victoria Street to Pick Up Our Meals of Squashed Sandwiches, Boxed Cooldrinks and a Pear." This year you'll have more than a rock-hard pear to sink your teeth into with the excitement of Matie Vox (an interesting twist on the Matie Idols concept in which everyone has to sing in Latin), wine tasting, ser previews and (as if we hadn't already had enough) street soccer. Matieweek. Feel it. It is here.

\*not actual word

## Maties droom van nou af 'n Afrika-droom



OP RAKA SE SPOOR

Feel it, it was there." Op 22 Julie was dit prof Julian Smith, vise-rector van die Universiteit Stellenbosch, se boodskap aan teenwoordiges by die Konferensie oor Hoop in Suid-Afrika. Hierdie konferensie is in die Endlersaal aangebied na aanleiding van die amptelike bekendstelling van die US se HOOP-projek op 21 Julie. Die projek is geloods met die doel om R1,75 miljard in te samel en aan te wend in die "hoop" om die wyer gemeenskap van armoede en ander uitdagings te verlig. Verdere temas waarop die projek fokus, is menswaardigheid, vrede en volhoubaarheid. Prof Smith het ook klem gelê op die noodsaaklikheid van tasbare hoop (in teenstelling met fiktiewe of vals hoop). Nog sprekers betrokke by die konferensie was mnr Ernst van Dyk, dr Ben Smit, prof Sandra Liebenberg, me Phylcia Oppelt, dr Jerome Slammatt, dr Albie Sachs en prof Russel Botman. Die Hoop-tema is op vlakke van belang aangeraak, naamlik sosio-ekonomiese hoop, die Grondwet in terme van hoop en die media se verantwoordelikheid met betrekking tot hoop.

Op hierdie manier is dit moontlik om spesifieke probleme te identifiseer en dan aksie te neem.

'n Belangrike proses wat moet plaasvind vir hierdie projek om werklikheid te word, is vir die gemeenskap om te ondersoek wat "hoop" in ons samelewing beteken en watter idees ons daaraan wil koppel. Dit behels 'n intelligente bevraagtekening van die hoop-konsep. Hierdie projek loop hand-aan-hand met ons Grondwet en die leierspan poog om die woorde wat daarin vervat is in iets wat elke dag uitgeleef kan word, te omskep. Hoop is 'n vooruitsig dat dinge goed gaan eindig, en daarom moet ons in ons aksies as burgers aan die langtermyn-effek dink.

Soos prof Liebenberg ook in haar toespraak uitgelig het, moet daar nog erkenning gegee word aan die nalatenskap van Apartheid en die onderdrukkende effek wat dit op hoop kan hê. Daar is egter 'n balans wat gehandhaaf moet word, omdat hierdie nalatenskap in vrees kan verander. Vrees is 'n direkte teenstander van hoop en daarom klou party nog aan die status quo vas. Maar hierdie is 'n irrasionele vrees wat in die pad van ontwikkeling en groei staan. Juis daarom is dit belangrik om nie net die boodskap van hoop oor te dra nie, maar om aktief daarmee om te gaan. Die samelewing het nie 'n vraag na aktiviste nie, maar eerder 'n vraag na aktiewe burgers.

Nou die vraag: waar staan ons, as reeds-bevoorregte Maties? Wat is ons verantwoorde-

likhede wanneer ons onself aan die verspreiding van hoop wy? Hoe kan ons as die volgende generasie ingenieurs, prokureurs, wetenskaplikes en kunstenaars 'n bydrae maak? Mnr Ernst van Dyk het tydens die konferensie or die oorsprong van hoop gepraat: drome. Terwyl ons nou in die stadium van ons lewens is waar ons oor ons eie toekoms kan begin droom, waarom dan nie oor 'n toekoms vir ons land droom nie?

Dr Jerome Slammatt, senior direkteur van Gemeenskapsinteraksie, beskryf hoop as 'n kind wat gekoester en gevoed moet word. Indien ons dus hierdie kind met positiewe energie versterk, sal ons 'n gemeenskap bekwame volwassenes kan kweek. Prof Russel Botman, rektor en vise-kanselier van die US, beskryf dit as "droom van Afrika vir Afrika".

I am because you are because we are. Die dae van Ubuntu as konsep is verby – dis tyd om dit ons lewenswyse te maak. Nelson Mandela het gesê dat die Grondwet nutteloos is as daar nie brood op families se tafels is nie. As Maties sit ons daagliks in 'n konsentrasie moontlikhede en geleenthede. Die geheim is nou vir ons om daardie moontlikhede buite ons lesing-lokale en komiteevergaderings te implementeer. Prof Botman verduidelik dat sy visie beteken dat die boer se seun en die plaaswerker se dogter dieselfde geleenthede moet hê. Daardie geleenthede is egter niks werd as ons nie ons gedagtes daarvoor oopmaak nie.

Die skinder agter die nuus. Die waarheid agter kampus-politiek. Die kommentaar waarvoor almal bang is. Gorrel is nie verantwoordelik vir enige ongerief veroorsaak nie.

## GORRELKOP

DAAR'S HOOP VIR DIE WÊRELD SE NOOD

GORREL was verlede week 'n geëerde gas by 'n glorieryke glansgeleentheid. Die Konservatorium was gasheer vir die bekendstelling van die US se geheime HOOP-Projek – die onderwerp van 'n lang guerilla-bemarkingsveldtog dwarsoor kampus. Gorrel het dus uiteindelik uitgevind waarom die baniere en nagtelike PowerPoint-projekies teen geboue nou eintlik gaan! En Gorrel was behoorlik trots op wat ons liewe universiteit bereik het: Nadat toegang maande lank verbode was terwyl opknappingswerk gedoen is, is die Konservatorium se toiletgeriewe uiteindelik voltooi en aan die publiek bekendgestel!

En dit is inderdaad iets om op trots te wees! Met outomatiese krane, unieke urinele en moderne afwerkings is dit nou sekerlik een van die wêreld se stylvolste en voorste geriewe. Indien nie nommer een nie, dan beslis nommer twee.

Gorrel dink die rektor kan ná hierdie merkwaardige prestasie met trots op sy eie troon sit. Gorrel raai alle studente sterk aan om die beliggaaming van hierdie unieke projek self te gaan besigtig, en dalk selfs kommentaar te los. – Miskien moet die US as middelaar intree by die onlangse probleme wat inwoners in Khayelitsha met hul toilette ervaar het.

Die US kan dalk daadwerklike hoop en verligting vir ons land bied.

WAT VAN 'N SLOT TOT JOU STUDIES?

GORREL verneem van 'n snaakse verskynsel oor die afgelope paar weke, wat veroorsaak het dat die USBD hul spiere behoorlik moes bult. Vele Maties het ná die vakansie tot geslote deure teruggekeer, en met 'n skok besef dat hulle die kodes tot hul kombinasie-slote vergeet het. Die USBD is dus gereeld uitgeroep om studente met 'n paar boutsnyers toegang tot die tweede semester te gee. – Gorrel wonder egter die volgende: as soveel studente ná 'n paar weke 'n eenvoudige vier-syfer-kombinasie vergeet, wat bly behoue van al die eerste semester se akademiese werk? Dalk is hierdie mense met rede uitgesluit...

kampusquotes

**Ek dink dis my ma se skuld dat ek gay is.**  
– Kunststudent verduidelik die effek van die Pet Shop Boys wat sy ma vir hom gespeel het toe hy klein was

**At least it wasn't attached.**  
– Lecturer after pulling a stray hair out of her blouse

**Hy lyk asof hy goed sal wees met houtwerk en vir jou meubels sal maak.**  
– Vroulike student in Humarga tydens wat blykbaar 'n Facebook-loersessie was

**C'mon, I know some of those lecturers are dreadful.**  
– Lecturer discusses his colleagues during an unguarded moment

**– Jy sal moet begin recycle as jy iets met hom te doen wil hê.**  
**– 'n Mens kan nie kondome recycle nie.**  
– Twee vriende oor wat dit sou kos om met 'n (aantreklike) omgewingsbewuste vriend uit te gaan

**Ek's gay, en ek is nie eers so dramaties nie.**  
– Manlike student oor die gedrag van 'n vriend wat liefdesprobleme ondervind

**As jy Jack the Ripper se musiek wil luister...**  
– Studentedekaan raak met rappers uit die noordelike voorstede en reeksmoordenaars uit Engeland deurmekaar

**Extroverts can study while the neighbours are having a loud party. Well, they'd probably be at the party, so it doesn't really matter.**  
– Lecturer rethinks her strategy mid-paragraph

Stuur jou KampusQuotes na quotes@diematie.sun.ac.za

**Quote van die week**

**My best friend's name is Ahmed. But I call him Bob, because I don't like saying "Ahmed" the whole time.**  
– Overheard in Bohemia

www.nubar.co.za

STELLENBOSCH  
2010



# KLEINSÊRFEES

27 & 28 JUL — CLUSTER KONSERTE — R 5  
2 TOT 6 AUG — ENBLER UITBOUNNE — R 15/25  
11 AUG — PRE-FINAAL — R 40  
21 AUG — MATIES FINAAL — R 80



Sedgwick's  
THE ORIGINAL  
Old Brown

Geluk by Wes-Kaapse karate-toernooi

# Wêreld wink vir Matie-karatekas

LENELLE FOSTER

Maties en oud-Maties het die derde kwartaal goed afgeskop deur 'n hele aantal medaljes by die Internasionale Okinawase Goju Ryu Karate-Federasie Suid-Afrika (IOGKFSA) se onlangse Wes-Kaapse kampioenskappe in te palm. Dié kampioenskappe, wat op 17 Julie 2010 by die Paul Roos-sportsentrum op Stellenbosch gehou is, het hierdie jaar 'n rekord aantal deelnemers getrek.

Veral in die swartgordel-items het die oud-Maties gewys dat hulle nog net so goed is soos in hul studentedae. Sensei Tertius Naudé (4de dan, Stellenbosch) het 12 ander

deelnemers laat les opsê en oudergewoonte goud gevat. Eugene Alexander (2de dan, Stellenbosch), die oudste deelnemer onder die mans, het silwer gekry. Die laaste plek op die podium is gevul deur Antonie Mans (3de dan, Stellenbosch). André Baartman (2de dan, Suidwes-Kaap) moes met die vierde plek tevrede wees.

Die vroue-afdeling was besonder groot, met baie nuwe 1ste dans wat hul toetreding tot hierdie item gemaak het. Sensei Sonja Giliomee (5de dan, Stellenbosch) het ná 'n tien jaar-lange afwesigheid van kompetisies met haar terugkeer goud gevat. Sy moes nege ander vroue – almal veel jonger as sy

– klop om die nommer een-posisie te beklee. BSc Sportwetenskap-student Marijke van Veggelen (2de dan, Stellenbosch) het hard vir haar tweede plek gebaklei. Anja Huisamen (2de dan, Swartland), die wenner van die 2009 IOGKFSA nasionale kampioenskappe, het derde gekom. Nuwelingswartgordel Andrea Gouws (1ste dan, Paarl) het die vierde plek beklee. Om dít te behaal, moes sy onder andere haar twee ouer susters klop. Lucille Geldenhuys en Joshua Barlow het elkeen in hul onderskeie kata-items 'n bronsmedalje gewen. Leanie Louw en

William Meyer het elkeen silwer gewen – Meyer in sy kata-afdeling en Louw in tri kumi/kata.

Hierdie medaljewenners se oë is egter nie net gerig op die IOGKFSA nasionale kampioenskappe wat op 14 Augustus 2010 in die DF Malan-gedenksentrum gehou sal word nie.

Einde Oktober bied IOGKFSA 'n driedubbele program aan: 'n hoof-instrukteursoefenkamp (wat vir die eerste keer buite Japan aangebied word), 'n internasionale oefenkamp vir IOGKF-lede en die vierjaarlikse IOGKF-wêreldtoernooi.

Itemwenners by die nasionale kampioenskappe word dus nie net met 'n goue medalje beloon nie, maar ook met 'n plek in die IOGKF-span wat aan hierdie wêreldtoernooi gaan deelneem.

**Die vroue-afdeling was besonder groot, met baie nuwe 1ste dans wat hul toetreding tot hierdie item gemaak het**

## Sportweek bou eenheid

ELRI NIEUWENHUIS

IN DIE koue wintermaande is dit moeilik om aktief te bly en dus verg dit ekstra moeite om sport pret te maak.

Die vrouekoshuise Irene en Harmonie het sommer al in die eerste week van die kwartaal aan 'n gesamentlike sportweek deelgeneem wat deur die HK-lede van sport georganiseer is.

